

Pages 510 — 636.

AFSKRIF VIR MNR. PARKINGTON

S Store 326:323.2 (68232) Com VOLUME VII.

KOMMISSIE VAN ONDERSOEK OM ONDERSOEK IN TE STEL
NA DIE GEBURE IN DIE DISTRIKTE VAN VERENIGING
(TE WETE DIE SHARPEVILLE LOKASIE EN EVATON) en
VANDERBIJLPARK, TRANSVAAL PROVINSIE, op 21 MAART
1960.

MAANDAG, 25 APRIL 1960 om 9.45 v.m.

VERTEENWOORDIGING: SOOS VOORHEW.

INHOUD

J.G. NEYL:

Hoofgetuieis Bladsye 510 - 542
Kruisverhoor " 542 - 583
Deur die Voorsitter " 583 - 584

E.A. PENNEKAM:

Hoofgetuieis " 584 - 591
Kruisverhoor " 591 - 611
Herverhoor " 612 - 615
Deur die Voorsitter " 615 - 618
Mr. Plewman - deur die Voorsitter " 618 - 619

W.J. VERSELS:

Hoofgetuieis " 620 - 636

BESPREKING IN VERBAND MET
BANDULEN VAN KONST. PENNEKAM
- TOEGEWINGS

" 636

BEWYSSTUKKE.

P.A.C. Pamflet "THE DAWN HAS COME" Bewysstuk "D1"
P.A.C. Pamflet "ALIBIING THE NATION" " "D2"
P.A.C. Pamflet "PASSIES MUST GO NOW" " "D3"
P.A.C. Pamflet "CALLING THE NATION" " "D4"

Handwritten notes on the left margin: 5/2, 4, 6, 7, 8, 9, 20, 23, 26, 27, 28, 29, 30, 31, 32, 33, 34, 35, 36, 37, 38, 39, 40, 41, 42, 43, 44, 45, 46, 47, 48, 49, 50, 51, 52, 53, 54, 55, 56, 57, 58, 59, 60, 61, 62, 63, 64, 65, 66, 67, 68, 69, 70, 71, 72, 73, 74, 75, 76, 77, 78, 79, 80, 81, 82, 83, 84, 85, 86, 87, 88, 89, 90, 91, 92, 93, 94, 95, 96, 97, 98, 99, 100.

KOMMISSIE VAN ONDERSOEK OM ONDERSOEK IN TE STEL
NA DIE GEHURE IN DIE DISTRIKTE VAN VEREENIGING
(TE WETE DIE SHARPEVILLE LOKASIE EN EVATON) EN
VANDERBIJLPARK, TRANSVAAL PROVINSIE, OP 21 MAART
1960.

MAANDAG, 23 APRIL 1960 om 9.45 v.m.

VERTREKWOORDIGING:

SOOS VOORHEEN.

JOHANNES GERHARDUS HEEL, beëdig. verklaar:

VERHOOR DEUR MVR. GLASSEW: Mnr. Heyl, u is
hoofkonstabel in die Suid-Afrikaanse Polisie gesta-
sionear te Vereeniging? — Dit is reg.

Het die moelikhed wat hier was op die 21e
Maart van hierdie jaar, het u na Sharpeville gegaan?
— Ek het.

Daardie dag, of ...? — Die vorige nag, ongeveer
kwart-oor-elf het ek kapt. Cawood met 'n aantal blankes
en 'n aantal nie-blanke Polisionarisse na Sharpeville
vergesel.

Watter tyd het julle in die lokasie aangekom?
— Ek skat dit was ongeveer 11.20, 11.25 in die aand.

Vertel aan ons wat gebeur het, wat u waargeneem
het? — Ons het onmiddellik oors na die Polisiestasio
gegaan. Terwyl kapt. Cawood geraspreeg het met die
Stasiebevelvoerder, sers. Grebler, het ek gou na die
telefoon-toe gegaan om my vrou te bel om vir haar
te sê dat ek nie huis-toe sou kom die aand nie, want
ek is ...

— Ons —

Ons wil nie al die besonderhede hê nie? —
Toe was die telefoon uit aksie gewees. Onmiddellik
daarna het ons die lokasie ingegaan. Ons het op die
eerste plek, by "sites-and-service", ongeveer seentig
tot sewentig Naturelle bymekaar gevind, en ons het
hulle uitmekaar gejaag.

Was dit mans, vrouens of gemeng? — Die eerste
greepie wat ons gekry het, was net mans.

Was dit Bantoes van gemengde onderdomme? — Ja.

Was hulle gewapen? — Etlikes van hulle het
stekke en kieries gehad.

Soos u saggas, val asseblief al die besonderhede
in, dan is dit nie nodig vir my om te vra nie? —
Ons het dwarsdeur die nag knuppelsterlope uitgevoer
op groepies Bantoes, 200 groot, 400 groot, en almal
van hulle was gewapen met kieries en stekke, soms
- party van hulle het gevaarlike wapens gehad.
Ons het op die sportterrein ...

Wat bedoel u by "gevaarlike wapens"? — Ek sal
daar kom. By die sportterrein het ons 'n groep
uitmekaar gejaag en op die sitplekke daar by die
sportterrein, het ek wat hulle noem 'n "hatchet"
opgetel. Dit is 'n byltjie; dit het 'n skerp kant,
en aan die ander kant het dit 'n punt waarmee jy
skroewe kan uittrek. Dis het ek by die Polisie-
stusie later die nag ingehandig. Ongeveer half-oen,
sou ek sê, die nag, het ons op 'n oep stuk grond
nie ver van die sportgronde af nie, weer 'n groot
gantal Bantoes bymekaar gevind.

— Was —

Was dié groter as die ander groepe wat jy gekry het? — Hulle was ongeveer 300/400 man sterk gewes.

Laat ons eers stilstaan by die ander groepe wat u gekry het, wat kleiner groepe was. U sê hulle was gewapen? — Hulle was gewapen met stokke en kieries.

Wat, volgens jou waarneming, was hulle besig om te doen? — Volgens ons kom aflei, wou hulle 'n vergadering hou en van die wat die kaptein mee gepraat het, het gesê hulle wil nie meer bewysboeke dra nie, en hulle wil 'n vergadering hou.

Maar geld dit nou vir die verskeie groepe wat julle gekry het? — Ongeveer al die groepe waarby ons gekom het, het dieselfde uitspraak gegee.

En wat was hulle reaksie toe julle hulle uiteenja? — Hulle het weggehardloop.

Het hulle teruggeveg? — Hulle het op geen stadium met ons baklei nie.

Nou kom ons by die groter groep, wat u sê op die oop grond was? — Op die oop stak grond het ons 'n groot groep gekry. Hulle was buite die deel wat die ligte van die voertuie aangewys het. Een persoon het vorentoe gekom, en hy was met 'n dik kierie bewapen. Kapt. Cawood het vir hom gesê hy moet die kierie neersit; hy het dit gedoen. Kapt. Cawood het met hom gepraat en vir hom gevra, "Wat is julle moeilikheid; wat soek julle?" Hy het dieselfde antwoord gegee, dat hulle nie passe dra nie en hulle wil 'n vergadering hou. Ekamus - luitenant Fourie was op daardie stadium in bevel van ons. Nadat luitenant Fourie met hom gepraat het, het hy teruggegaan na die groep, en

— hulle —

hulle het dieper in die lokasie in beweeg en ons het verder die lokasie gepatrolleer. Ongeveer halfáris die oggend het ander Polisieversterkings vanaf Vereeniging en Vanderbijlpark by ons aangesluit.

Onder bevel van wie was dit? — Onder bevel van maj. van Zyl, op daardie stadium. Ons het verdere groepe Bantoes die nag uitmekaar gejaag, en die lokasie gepatrolleer tot ongeveer half-sewe, 7-uur die oggend. Op daardie stadium was ons toe almal saam by die Munisipale kantore gewees, by die hostel. Daar was toe 'n geweldige groot samekruiming van Bantoes, vrouens, mans en kinders.

In dit in Seelise-straat? — In Seelise-straat.
Kapt. Gwood was ...

Watter tyd was dit, omtrent? — Dit was ongeveer 'n rapsie na sewe. Van die busse het daar opgedaag, maar hulle het dit raadsaam geag en die busse nie in die lokasie in te neem nie. Daar was slegs een blanke bestuurder met die bus gewees, want ek het verneem dat van die Bantoesbestuurders van die busse gewier het om met die busse in die lokasie in te gaan. Hulle het beskou dat dit vir hulle lewensgevaarlik sou wees en dit te doen. Kapt. Gwood het met die skare Bantoes by die hostel gepraat en hulle versoek om uittoeg te gaan. Hulle het gewier, en hulle het 'n opstandige houding aangeneem. Kort daarna het ser. de Koker met 'n kassie traangasbomme daar aangekom, en ons het vier traangasbomme onder die skare gegee. Sover ek weet, het dats twee van die traangasbomme ontplof.

— Waar —

Waar was die skare op pad heen? — Hulle wou blykbaar deurkom na Vereeniging. Dit was my opinie gewees.

Was die houding van die Polisie dat hulle dit nie moet toelaat nie? — Volgens ek van die offisier kon aflei, wou hy hê dat ons hulle daar moes voorkeer, dat hulle nie kon verder ingaan dorp-toe nie.

En die traangasbomme, was dit effektief? — Dit het blykbaar geen effek op die skare gehad nie, want na 'n paar sekondes, na die traangasbomme gegoel is, het ons kêrels self eintlik onder die effek van die traangasbomme deurgeloop. Daar was 'n windjie wat skuins na ons-toe gewaai het. Kort nadat ons die traangasbomme gegoel het, het maj. van Zyl op die toneel aangekom en kapt. Gaweel het toe vandaar vertrek — waarheen, weet ek nie. Die majoor het met hulle gepraat. Net kort voor die majoor se aankoms, was daar twee van die Bantoes gearreuteer, wat blykbaar die leiers was onder hulle. Daar was etlikehopien klippe op die middelmannetjie en aan die kant van Seciso-straat opgepak. Baie van die Bantoes was bewapen met kieries, met stukke yster en met lang messe. Die majoor het hulle baie vriendelik versoek ...

DIE VOORSITTER: As u praat van die bewapening, is dit wat jy toe waargeneem het of wat jy later vasgestel het? — Wat ek daar gesien het, toe ons die oggend daar was.

VERHOOR HERVAT: Toe maj. van Zyl daar gekom het, hoe greet was die skare toe ontrent? — Ek sou skat so tussen 6,000 en 7,000 wat daar in die onmiddellike omgewing van die hostel was.

Dit is nou in Seciso-straat? — In Seciso-straat.

Was dit nog net mans, of was dit 'n gemengde groep?
--- Dit was mans, vrouens en kinders. Verder op in
Seelso-straat, tot waar 'n mens bo, by die bult, kon
sien, was daar een massa Naturelle gewees.

Waar was die kinders? --- Die kinders was tussen
die grootmense, vrouens en mans.

Wie, meer of min, was voor die skare? --- Dit was
kinders en vrouens en mans, deurmekaar, op die voerpunte.
Die majoor het hulle etlike kere versoek om die terrein
te verlaat. Hulle het slegs "Afrika!" geskree, hulle
duine in die lug gesteek en opstandig geraak. Na
ongeveer 5 of ag minute se praat en gesoebat deur die
majoor, het hy nader na hulle gestap en vir hulle gesê
hy gee vir hulle vyf minute. Hulle het in 'n gewel-
dige ovasie losgebars, en "Afrika!" geskree, en ek het
ontrent sover as wat u u nou van my af staan, van die
majoor gestaan en ek kon hom nie hoor nie.

Ontrent so vyf treë? --- Ontrent vyf treë het ek
agter die majoor gestaan. Hy het met handgebare, sy
hand in die lug opgesteek, oopgemaak en vir hulle
driekeer sy hand so gewys (hand uitgestrek met palm
na vere) en vir hulle gewys hulle moet van die terrein
weggaan. Hulle het net effens geritireer en toe het
hulle onmiddellik weer vorentoe gekom. Daar was één
Bantoe wat half aan die voerpunt van die ritirerende
skare was, en hy het so opgekom na die majoor-toe en
gebekspring, elke slag het hy so egespring. Toe dit
gebeur, sê die majoor vir ons ...

Het jy dit beskou as 'n vrienfelike gebaar? ---

--- Geensins ---

Geensinds nie.

Of 'n minagtende ...? — Heeltemal/^{op}'n uittartende en 'n minagtende manier het hy sy mannewaies uitgevoer. Op daardie stadium het die majoor gesê, "Kêrels, maak skoon." Hy het geensinds van vuurwapens gepraat nie, en 'n rukkie voor dit het hy vir die kêrels uitdruklik gesê "Julle moet nie van julle vuurwapens gebruik maak nie".

Wat het toe gevolg? — Ons het van ons knuppels gebruik gemaak en die skare uitmekaar gejaag. Hulle het teruggeval in Seeliso-straat, op, en in die dwarsstraat wat by die hostel opleop. Ons het hulle agtervolg. By die eerste dwarsstrate waar die huise in Seeliso-straat begin, daar het die Bantoes met klippe na ons begin gooi; eers met enkele klippe, en sees wat ons nader gekom het, het die klipperêre toegeneem.

Julle was toe te voet? — Ons was te voet.

Is enigeen van julle beseer? — Op daardie oomblik nie. Toe die klipperêre toegeneem, het etlike van die kêrels in die dwarsstrate ingehardloop. Daar was baie geskiet met vuurwapens van die kant van die Bantoes, blykbaar uit die huise en uit die agterplase van die standplase. In een van die dwarsstrate het ek ingehardloop en die klippe het oor gekom van die huise se kant af. Ek het net gekom vir sy lewe en daarvan af te kom. Toe ek in die dwarsstraat ingehardloop, het ek op een Politiseman afgegaan wat op sy knieë geval het — konst. Coetsee. Ek het gesien dat hy 'n oop wond op die bokant van sy kop het — net daar (toen aan). Hy het nie 'n pet op gehad nie en dit was vir my duidelik

— dat —

dat hy deur een of ander voorwerp getref was. Die Bantoes van die onmiddellike omgewing het op hom afgestorm en ek het by hom gekom en hom onder sy arm gevat en hom opgelig, en hy het op daardie stadium 'n skoot afgetrek met sy .303 geweer, wat hy regop gehou het. Die skoot is in die lug af. Daar het ander blanke Polisie-manne by my verbygekom, en van hulle gewere geskiet, en een kôrel wat 'n stengeweer gehad het, het 'n paar skote met die stengeweer afgeskiet, nie na enige spesifieke persoon, son ek is nie, want sover ek later vernem het was daar geen een in daardie omgewing verwond nie.

Kon jy sien in watter rigting hy skiet? — Hy het net hier voor hom afgetrek, voor hom in die grond afgetrek. Ek is terug na die majoor, wie toe in die middel van Seeiso-straat was. Hy het toe vir my gesê dat hy berig ontvang het dat een van ons Polisie-voertuie vasgekeer is in die omgewing van die hostel, en ek moet gaan ondersoek instel. Ek het 'n patrollie wa geneem met 'n paar blankes en nie-blankes daarop, en op die dwarsstraat, by die hostel, het ons die troepe-draer aangetref en daar was 'n taamlike geweervuur gewees van beide kante, van die kante van die Bantoshuise af, en van die Polisievoertuig af.

Is dit by die hostel? — Ja.

Heen jy dat daar geweer-skote gevuur was vanuit die hostel? — Ek kan nie sê of dit vanuit die hostel gekom het nie. Daar is die hostel, en dan is daar 'n dwarsstraat aan die Suidekant van die hostel en dan is daar weer 'n ry geboue en dan is daar 'n oop stuk grond, en daarna kry jy die eerste huise wat met die dwarsstrate van Seeiso-straat af ...

— Maar —

Maar 'n bietjie voor die tyd het julle die Bantoes teruggedruk, uit daardie omgewing uit? — Ja; maar 'n groot aantal van die Bantoes het in daardie dwarsstraat opgehardloop, en selfs in die geboue van die hostel.

Was daar toe nog Bantoes in Secisestraat toe jy weer teruggaan? — Ja; baie. Baie Bantoes.

En jy se skote uit vuurwapens is van hulle kant geskiet? — Baie.

Jy was onder die indruk dit kom van die huise af? — Dit kom van die huise af, aan die Suidkant van die hostel, het dit voorgeken.

En die Polisie het ook geskiet? — Die Polisie het ook geskiet.

Dit is nou manne wat nunt by die hek ingekom het — nuwe versterkings? — Nee; dit is van ons kerele wat daar teenwoordig was die hele oggend.

O, wat daar agtergebly het? — Ja.

Het ander woorde, julle het nie almal gegaan en die Bantoes terug te dryf nie? — Laat ek dit se verduidelik: Van die kerele wat by die hostel die knuppelloop uitgevoer het, het blykbaar op die troepedraer geklim en in daardie eerste dwarsstraatjie ingery, agter die Bantoes aan. Die groter meerderheid van die Polisiebeamptes het ook in Secisestraat agter die groter deel van die skare gegaan.

En dit is nou die Polisie wat met die troepedraers daar regs gdraai het? — Regs gdraai het, ja.

Jy se hulle het ook geskiet? — Hulle het ook geskiet.

— Weet —

Weet jy hoeveel skote, meer of min, daar afgevuur was - dit is nou van die Bantoe kant, eers? — Ek sal dit nie kan sê nie. Dit is baie moeilik.

En van Polisie kant? — Dit is ewe moeilik om dit te kan bepaal, op daardie stadium.

Jy weet ook nie waarmee hulle geskiet het nie? — Party het met die .303's geskiet, en party het met die rewelwers geskiet.

Het jy die skietery gehoor terwyl jy op pad was schoentoe, of toe jy daar reeds was? — Terwyl ek op pad was schoentoe om te soek na die vermoedlike verdwaalde Polisievoertuig het ek gehoor daar by die hostel word geskiet, en ek het my bestuurder beveel ons moet in daardie rigting ry.

Wel, wat was die toestand gewees wat jy gevind het toe jy daar kom? Waar was die Bantoes toe in verhouding met die Polisie? — Dit het vir my voorgekom of die Bantoes meer in die huise en in die tuine wegkruip. Jy kan nie eintlik veel Bantoes daar sien nie, maar volgens die skietery wat daar plaasgevind het, moes daar 'n heel klomp gewees het.

DIE VOORSITTER: Jy sê dit is nie moontlik om te bepaal hoeveel skote daar/skiet was nie; maar ek sou darem graag inligting wou gehad het. Was dit skote wat 'n mens in tione sou getel het, of was dit honderde of was dit duisende skote? — Dit was heel baie honderde skote nie.

Ken mens altesame - ek weet nie of u kan onderskei tussen wat u meen was van die Bantoe se kant en wat u meen was van die kant van die Polisie nie. Ken u dit onderskei? — Wel, ek het gekom by die trepedraer

en die tydperk dat ek daar vertoef het terwyl die skietery aan die gang was, sou ek sê was nie langer as ontrent twee/drie minute nie.

Aan beide kante? — Aan beide kante. Toe het die skietery opgehou. In die tydperk dat ek self daar was, hoeveel skote vooraf gevuur is, voordat ek daar gekom het, kan ek definitief nie sê nie. In die kort tydjie dat ek daar was, twee of drie minute, sou ek sê daar was ontrent tien of vyftien skote aan beide kante afgevuur.

VERHOOR HERVAT: Maar ken jy die persone van die Bantoes se kant werklik sien, wat die skote afgevuur het? — Ek het geen Bantoes gesien, self nie.

Wat was die posisie dan daar; was die Polisie op hulle vragwa? — Die meeste van die Polisie was op die troepdraer. Ek het links voor die vragwa, oor die kap, gesien dat sers. Terblanche bezig was om met die .303 te skiet.

En wie het hulle werklik geskiet? — Wel, ek vermoed na die mense wat na hulle geskiet het. Of hulle die mense gesien het, weet ek nie.

DIE VOORSITTER: Die persoon waarna u verwys het, wat is sy naam? — Sers. Terblanche.

U sê u het gesien dat hy skiet? — Ek het spesifiek gesien dat hy met die .303 skote afvuur.

VERHOOR HERVAT: Maar ek bedoel, daar was nou nie 'n skare, of selfs 'n groep, wat jy kon sien tussen die twee partye wat nou skiet nie? — Nee.

Dit was skoen, oop veld. Jy kon niemand daar sien nie? — Ek het geen mense daar waargeneem nie.

En die Polisie het ook nie na 'n groep Bantoes

geskiet nie. Hulle het geskiet in die rigting waar die Bantoeskote vandaan gekom het? --- Presies.

Bantoes wat julle nie kon sien nie? --- Presies.

Hoe het dit ten einde geloop. Hoe het die petalje toe tot einde geloop? --- Nee, dit het toe net opgehou en ons het toe vandaar aangery na die majoor.

Het jy saam met hulle, met die troepedraer ...? --- Ek het nie saam met die van gery nie; ek het saam met die troepedraer gery.

Wat was die toestand toe daar, toe jy weer terugkeer by die majoor? --- Daar was nog steeds 'n groot sameendromming van Bantoes uit die systrate uit en ook vanaf die hostel se kant af, in Seeiso-straat.

Was die Polisie nog besig om die mense te keer, of wat het toe gebeur? --- Nee; ons het niemand gekeer nie. Die majoor het daar gestaan, op die eilandjie van Seeiso-straat en 'n paar minute nadat ek by hom aangekom het, het hy aan my bevel gegee om die landrover van Sharpeville-lokasie te neem en deur te jaag na Vereeniging om 'n boodskap aan kol. Pienaar oor te dra.

Ek wil net weet: Moes julle in Seeiso-straat deur 'n skare ry om by hom te kom, by die majoor te kom of was dit skoen tot by hom? --- Aan die Oostekant van Seeiso-straat was dit net in die systrate dat die skare was en ons het aan die Oostekant langs gery. Aan die Westekant, in Seeiso-straat, sowel as in die systrate was daar baie Bantoes gewees.

Jy het nou gery van die hostel af, na Maj. van Syl wat binne, in Seeiso-straat was? --- Dit is reg.

En jy het in Seeiso-straat af gery? --- Dit is reg.

Moes jy deur 'n skare ry, of nie? --- Ons het aan

die Oostekant langs gery, en daardie kant was daar nie 'n skare in Seeiso-straat nie. Die skare was aan die Westekant, in Seeiso-straat, en in die dwarsstrate.

DIE VOORSITTER: U meen aan die Oostekant van Seeiso-straat? ---Ja.

VERHOOR HERVAT: Vandaar is jy met die landrover na Vereeniging? --- Dit is reg.

En hoe lank het jy vertoef voordat jy teruggekeer het? --- Ek het ongeveer kwart-oor-negge teruggekom in die lokasie.

Hoe lank was jy weg? --- Ek is ontrent 8.20, 8.15 van die lokasie af weg.

Waar het jy die ander manskappe weer gevind toe jy terugkeer? --- Ek het hulle in Seeiso-straat, 'n entjie verder-op - die majoor met die manskappe - aangetref.

Wat was die toestand toe daar? --- Daar was toe 'n groter sameenromming gewees van Bantoes in Seeiso-straat en in die systrate, as wat daar was toe ek weg is.

Was jou pad toe nog oop, tot by hom? --- Die pad was oop. Ek kon ry.

En vandaar, wat het gebeur? --- Daar het die majoor my toe instruksies gegee, na aanleiding van 'n berig wat hy ontvang het, dat ek na die Polisie-stasie te Sharpeville moet gaan omdat daar 'n groot sameenromming van Bantoes daar was, om te gaan vasstel wat die posisie daar is en om die nodige reëlings te tref indien daar enige gevaar is.

--- En ---

En het jy toe scheentoe gegaan? — Ek het scheentoe gery, nie net Seeise-straat langs nie maar wel in 'n Oostelike rigting, en die Polisiestacie gemader van 'n Suid-Oostelike rigting, en by die groot hek aan die Westekant het ons ingegaan.

Hoeveel mense het jy by jou gehad? — Dit was myself, sers. Grobler, drie konstabels en drie Bantoe-konstabels.

Hoe laat het jy daar aangekom? — Ek sou skat dit was ongeveer half-tien.

Wat was die toestand toe daar? — Daar was 'n groot skare van ongeveer 3,000, sou ek sê, aan die Suidekant saangedrom, aan die buitekant van die Polisiestacie.

Aan die Suidekant? — Aan die Suidekant.

Dit was Zwane-straat? — Ek weet nie wat die straat se naam is nie. Dit was by die klein hekkie, aan die voorkant van die Polisiestacie. Ek het by die voor-ingang van die Polisiestacie uitgestap, en ek het 'n Bantoe neffies die trappies gevind. Ek het gesien dat hy 'n wapen op sy hekkie se lapel het, "Away with passes!"

Watter trappies praat u van? — Die steoptrappies wat opkom, by die Polisiestacie in.

Op die Polisieterrein? — Binne-in die Polisiegronde. Ek het vir hom gevra in Afrikaans, "Wat is jou moeilikheid?" en toe ons die vorige nag, terwyl ons die knuppel-lope gehad het, etlike Bantoes, mans en vrouens, ook by Polisiestacie aangetref het wat by ons gekla het en gesê het die tsaetsis is besig om hulle huise stukkend

te slaan en om hulle mans aan te rand. Ek het onder die impressie verkeer dat dié Bantoe meentlik ook van diesulkes is wat aangerand is en sy huis stukkend geslaan was, toe vra ek vir hom, "Wat is jou moeilikheid?" Hy was die enigste Bantoe wat binne-in die perseel was van die Polisiestasie. Hy het my blykbaar nie verstaan nie. Toe praat ek met hom Engels. Om uit te vind watter taal hy verstaan, vra ek toe vir hom "What language do you speak?" Toe sê hy vir my, "I only speak this language" en hy druk sy duim onder sy lapel in en hy druk die lapel se uit, wat die plakkaatjie op het, "Away with passes!"

Het jy toe, of enige tyd later, uitgevind wie die Naturel was? — Ek het vir hom self gevra, toe sê hy vir my sy naam is Nyakane Tselo. Toe het ek vir hom gevra, "Wat soek die baie mense hier?" Toe sê hy, "We want away with passes". Toe sê ek vir hom, "Well, then you have come to the wrong place". Ek gebruik nou sy woorde, daarom praat ek Engels. Ek sê, "As julle 'n betoeg wil rig, heeken vra julle nie vir julle leiers van julle organisasie om met die Regerings-Ministers te raadpleeg om die saak te bespreek nie? Ons kan nie vir julle sê om julle bewysboekies weg te gooi nie". Daarop het hy my toe nie antwoord gegee nie. Toe het ons binne-in die kantore gaan sit. Die skare was ...

DIE VOORSITTER: Wat het van die perseem geword? — Hy het gebly, daar, op die perseel. Terwyl ek met hom gepraat het, het ek ook vir hom gevra, "Nou, maar, wat is jou status?" Toe het hy vir my baie uitdagend en uittartend gesê, "I am the secretary of the P.A.C."

—Het —

Het dié het hy van my af weggestap en sy toe hand
opgesteek na die skare, en hulle het hom toegejuig.
Toe het ek hom daar geles en ons het in die kantore
ingegaan en ek en sers. Grobler het die saak bespreek.
Die skare het aangegroei en ek het aan sers. Grobler
gesê wat ons moet doen indien daar tot geweld oerge-
gaan word aan die kant van die Bantoes buitekant die
perseel.

VERHOOR HERVAT:

/Wat het jy voorgestel? — Ek veel nie gesê en
daardie vraag in hierdie Hof te beantwoord nie.

Hoekom nie? — Dit mag toekomstige moeilikheid
wat 'n mens weer mag hê - jou planne aan die dag
bring wat jy in die men voor en uit sodanige moeilik-
heid te kom. Ek mag net dit meld, dat ek aan sers.
Grobler gesê het, "As hierdie skare Bantoes op ons
vandag toesak, sal ons nie 'n kans hê om onself te
verdedig nie; ons sal moet skuiling soek".

Hoe groot was die skare toe? — Dit was op daardie
stadium ontrent 4,000 of 5,000. Ongeveer half-elf het
ek baie bekommerd begin word.

Op daardie stadium, wat was die rede vir jou vrees?
— Omrede die skare meer en meer die term "Afrika!"
begin skree het. Hulle het meer en meer luidruchtig geword
as toe ek daar gekom het, ongeveer half-tien, en dit was
vir my duidelik dat hier vandag moeilikheid gaan gebeur
by dié plek. En ek het myself, met die handjievel
nense wat daar was - ons was op daardie stadium die
vyf blankes en ongeveer tien of vyftien Bantoes...

Daardie mening wat u toe gehad het ontrent wat mag

— kom —

kom, was dit bloot as gevolg van wat jy gesien het van daardie 4,000 of 5,000 wat toe daar om die Polisie-stasie vergader was, of van wat jy al die hele dag deur en die môre gesien het? --- Van hulle houding daar by die Poliestasie.

Wat was hulle houding eintlik, wat aanleiding gegee het tot daardie vrees? --- Hulle het teen die draad gedrom en hulle het "Afrika! Afrika!" geskree, en hulle het opstandig geword en aanhoudend geskree, en rondgetrap en teen die draad gedruk.

Was hulle gewapen? --- Ek kan nie sê dat ek op daardie stadium enige wapens aan die skare gesien het nie.

Maar wat het hulle gedoen wat vir jou laat dink het dat hulle ek dink jy het die woord gebruik, "dreigend" was? --- Opstandig.

Dat hulle opstandig was? --- As 'n persoon net normaalweg hard praat, dan sal ek nie sê hy is opstandig nie. Maar die houding van die skare het my onder die indruk gebring dat hulle opstandig is en vir daardie rede is hulle daar. Soos ek sê, hulle het hard geskree; die woorde kon ek nie uitmaak nie. Ek is nie die Bantoetaal magtig nie; maar hulle het aanhoudend, as Tsolo net sy hand opsteek, geskree "Afrika! Afrika!"

Hoeveel man was julle toe by die Poliestasie? --- Ons was vyf blankes en ongeveer tien of vyftien Bantoes.

Wat was die volgende ding wat gebeur het?

DIE VOORSITTER: Wie was toe in bevel gewees? Wie was die senior persoon? --- Ek was op daardie stadium die senior-lid van die nag, daar. Ek het twee van --- die ---

die Bantoe-konstabels wat op Sharpeville gestasioneer is, gevra om vir my 'n boodskap uit te neem na maj. van Zyl, wie ek in Seciso-straat agter gelaat het, half-tien. Ek ken eers nie twee Bantoes vind nie, omrede hulle gesê het hulle is bang, hulle wil nie uitgaan nie. Nadat ek 'n bietjie met hulle gesels het, het twee toe na vore gekom as vrywilligers, en hulle het aangebied dat hulle sal gaan. Ek het sekere opdragte aan hulle gegee hoe hulle te werk moet gaan, dat hulle nie, as die skare vir hulle voorkeer, vir hulle moet tussit nie; hulle moet omdraai en terugkom, en aan my 'n rapport maak. As die skare hulle toelaat om deur te gaan, moet hulle aan maj. van Zyl sê dat hier ongeveer 5,000 of 6,000 Bantoes bymekaar is om die Polisiestasie en ek voel hy moet versterkings hierheen stuur. Ongeveer half-elf het luit. Visser met 'n aantal blankes en Bantoes toe by die stasie opgedaag.

VERHOOR HERVAT: Het hulle ingekom op die terrein? --- Ek het hulle nie gesien inkom nie. Op daardie stadium was ek voor, by die hoofingang van die Sharpeville Polisiestasie en luit. Visser het by my gekom waar ek gestaan het. Ek meen ook 'n ander hoofkonstabel, van wie ek nie die naam ken nie. Ek het toe 'n paar ander blanke konstabels ook daar opgemerk. Hy het toe vir my gevra, "Mr. Heyl, wat gaan hier aan?" Ek sê, "Meneer, jy kan self sien hoe lyk dit hier". Op daardie stadium meen ek dat die skare aangegroei het tot ongeveer 7,000 of 8,000. Ek het aan luit. Visser gesê, "Die kêrel hier" - naamlik Tsele - "is blykbaar hulle leier. Hy het homself aan my bekend gestel as

--- sekretaris ---

sekretaris van die P.A.C. " Hy het toe met Tsolo gepraat en op daardie stadium het die skare meer teen die draad gedruk, tot so'n mate dat die draad by tye oorgehel het in die rigting van die Polisiestasie. Die luitenant het vir Tsolo gesê, "Kyk, jy moet vir dié mense sê hulle moet wegstaan van die draad af. As daardie draad gaan breek, dan gaan ons hier vandag groot moeilikheid hê." Hy het na die skare-toe geleëp, met albei sy hande het hy - ek verneem - die P.A.C. -teken gegee, wat die skare meer oproerig gemaak het, en nadat hy vir hulle gewys het hulle moet stilbly, het hulle stilgebly. Al langes die draad het hy toe opgestap en hy het met hulle gepraat. Die skare het toe ...

DIE VOORSITTER: In watter taal? — Hy het in Bantoetaal gepraat - nie een van die amptelike tale nie.

VERHOOR HERVAT: Wie het in Bantoetaal gepraat? — Tsolo. Hy het - die skare het toe sowat 6 duim of 'n voet teruggestaan van die draad af, maar dit was nie vir lank nie - ek sou sê vyf minute. Toe het hulle weer teen die draad aangedrom. Ek het toe die posisie aan luit. Visser gelaat om die nodige instruksies te gee of te doen wat hy reken die beste is om te doen.

Het hy iets gedoen? — Sever ek weet, was hy vir 'n hele tydjie met Tsolo in gesprek. Ek het nie self die gesprek gehoor nie. Ek kan nie sê waaroor hulle gepraat het nie.

Behalwe die gesprek wat hy gehad het met Tsolo, het hy enigiets gedoen om die posisie daar te verbeter? — Sever dat hy na ongeveer tien minute of 'n kwartier na sy aankoms na my gekom het en gesê het, "M_r. Heyl,

ek dink ons moet vir versterkings vra". Toe het ek vir hom gesê, "Luitenant, ek stem saam". Hy het toe 'n briefie geskrywe en aan dieselfde twee Bantoes wat vroeër die oggend deur my gestuur was, het hy opdrag gegee om te gaan, ook na maj. van Zyl-toe, om versterkings aan te vra.

En terwyl die twee Bantoes weg was, was daar enigiets wat julle kon doen? — Ons kon niks doen nie. Ons kon maar net wag om te sien wat gebeur.

Het versterkings toe gekom? — Ja, daar het toe versterkings aangekom. Ek dink onder die bevel van kapt. Theron, as ek dit nie mis het nie.

Het voertuie, of was dit te voet? — Ek dink daar was een sarcoen, en voertuie gewees.

Hoeveel man het hy by hom gehad? — Dit weet ek nie.

Het hulle by die groot hek ingekom? — Hulle het by die groot hek ingekom.

Aan die W_gstekant? — Aan die Westekant.

En toe hy daar gekom het, of liever, nadat hy daar aangekom het, wie was toe in bevel? — Nadat hy daar aangekom het, neem ek aan hy het die bevel oorgeneem by luit. Visser.

Het hy iets buitens gemaak en die postie deur te reël? — Nie sover ek weet nie. Hy en luit. Visser het net saam gemaak. Wat hulle gesê het en wat hulle besluit het, kan ek nie sê nie.

Waar was Talle toe? — Hy was nog steeds binne-in die gronde, en daar was nog twee ander Bantoes, ook, wat ek toe daar opgemerk het — een met die naam van

— Thoms —

Thomas More; ek het hom die vorige nag ontmoet; seers ek reeds gesê het, hy was die leier van een van daardie groot groepe. Die ander Bantoe wat saam met hom was, het ek nie geken nie. Ek het nie gewest wie hy is nie.

Hoe laat het kapt. Theron toe daar aangekom? — Ek dink dit was omtrent half-twaalf, ongeveer, in daardie geweste - kwart-voor-twaalf, mag dit wees.

Wat was die grootte van die skare toe, omtrent? — Ek sou sê daar was daardie tyd tenminste twaalf duisend of meer.

En hulle houding? — Hulle houding het steeds opstandiger geword. Dieselfde aksies wat die oggend terwyl ek daar was, uitgevoer was, het hulle ook uitgevoer deur te sing, "Nkosi sekelele", "Afrika!" en nog 'n ander lied wat ek nie weet wat die naam van is nie, en ...

Behalwe die "Afrika!" -kreet en die sing wat jy van praat, was daar enigiets anders wat hulle gedoen het om te sê? — Hulle het in die oggend, terwyl ons daar was en luit. Visser ook daar was - ek het ook by een geleentheid saam met Tsole geeloop, by die draad; baie van die vrouens en van die jong tsotsis, as ons verbyloop, het na ons gespeeg en geskree, "Honde! Honde!" met bykomstige Bantoevoerde wat ek nie kon verstaan nie.

Het jy enige wapens by hulle gesien, omtrent daardie tyd? — Aan die Suidekant het ek nie wapens by die Bantoes gesien nie.

Aan die Westekant? — Aan die Westekant later die middag was die rumoer en die groot sameindroming meer na die Westekant verskuif, waar die groot hek

was; ek neem aan omrede die voertuie daar moes inkom.

Na kap. Theron se aankoms daar, wie was die volgende persone wat gekom het? — Ongeveer dieselfde tyd het die vliegtuie oorgekom. Dit het vir my voorgekom asof na 'n paar minute se vlugte die skare dit as 'n sirkus beskou het. Hulle het geheel-en-al gladnie vir hulle gesteur aan die gevaarlikheid van die vlugte nie. As die "jets" laag oor hulle geduik het, het hulle hulle hoede en hulle pette en hulle stokke in die lug opgegooi en "Afrika!" "Afrika!" geskree.

Was dit "jets" gewees? — Ek neem dit was jets.

Daarna? — Ongeveer in die omgewing van 1-uur het kol. Spangler en kol. Wessels en kol. Pienaar daar aangekom. Kol. Spangler het na my-toe gekom met Tsolo en vir my gesê, "Vra hierdie man vir sy bewysboek".

Waar was jy toe hy met Tsolo na ...? — Ek was in die Polisiestasio.

Jy weet nie wat gebeur het toe hy vir Tsolo gevat het en hom na jou-toe te bring nie? — Ek het dit nie gesien nie. Ek het Tsolo se bewysboek vir hom gevra. Hy het gesê hy het nie een nie, en kol. Spangler het hom toe oerhandig aan 'n ander kaptein van die Veiligheidsdak.

Weet jy met watter doel? — Ek weet nie met watter doel nie. Toe, 'n rukkie daarna, ontrent twee of drie minute, het hy met Thomas More ook by my gekom en vir my gevra om sy bewysboek vir hom te vra. Hy is ook met hom na dieselfde offisier of sersant - ek weet nie wat sy rang was nie.

Al die tyd was jy toe nog binne-in die Polisiestasio?

— Ek was toe binne-in die Polisiestanie gewees.
Toe het die kolonel 'n derde man daar gebring. Dié keer
het hy vir 'n ander blanke Polisieman gevra om vir hom
te vra om sy bewysboekie te toon, en daarna het kol.
Spengler met More en die onbekende Bantoe uitgekam
uit die kantoor, en vir my gesê ek moet hulle laat
oppas.

Hy het nou 'n derde man ingebring, in die
Polisiestanie in? — Ja.

En moes jy die derde man ook vir sy pasboek vra?
— Hy het vir 'n ander blanke Polisieman gevra om
daardie onbekende man se pas te vra, sy bewysboek te
vra.

Hy bring hulle toe uit die Polisiestanie uit? —
Nee; ek was in die Polisiestanie, op die agterste
stoep gewees, al die tyd. Op daardie plek het
kol. Spengler met die drie persone na ons-toe gekom.

Sou hulle in sig van die skare gewees het, aan
die Westekant? — Behalwe dat daardie strook waar
hulle die hek oop gehad het, die skare wat in daardie
lyn gestaan het, sou kon sien wat van daardie drie
persone word.

Hulle kon dus alleenlik deur die - is dit deure,
daardie, of is dit hekke? — Ek weet nie of 'n mens
dit as deure kan beskrywe nie. Dit is twee groot
staalhekke.

hulle
Alleen daardeur kon/binne-in die agterplaas van
die gebou sien? — Ja. Ek het toe twee Bantoe-
konstabels geroep om vir hulle gesê, "Julle moet
hierdie twee mense oppas; kol. Spengler werk met

— hulle —

halle." Ek het uitgegaan na die buitekant van die perseel-toe, aan die Westekant, waar toe saracens opgetrek was en ander voertuie van die Polisie-Departement. Kol; Pienaar het ek daar aangetref, kapt. Brunner was daar gewes. Ek het omgeloop na die Suidekant van die Polisiestasie waar die same-dromming nog net so erg was. Daar het ek 'n klompie Polisiemanne aangetref, blank en nie-blank. Ek het weer teruggekom na die Westekant-toe. Toe het kapt. Brunner die bevel gegee op die luidspreker dat die manne moet aantree. Ek was behulpsaam om die manne aan te tree. Eers het hulle gesê enkel-gelid; toe het hulle weer gesê drie-drie. Ek het toe vernood hulle wil die mense tel om te sien hoeveel manne daar in die Polisiestasie is. Toe, kort daarna, kom die bevel weer, nes, hulle moet in enkel-gelid aantree. Ek het terug beweeg na die agterkant, waar die Polisiemanne aangetree het, ongeveer vier/vyf treë van die draad af. Op daardie tydskip was die skare geweldig ruwe.

Hoe groot, omtrent? --- Aan die onmiddellike Westekant sou ek skat was daar ongeveer 3,000 of 4,000. Aan die Suidekant was daar baie meer - 'n totaal, sou ek skat, van ongeveer 18,000 altesame, reg rondom die Polisiestasie.

Sê jy daar was meer aan die Suidekant? --- Aan die Suidekant was daar baie meer as aan die onmiddellike Westekant.

Waar was die Polisie opgestel? --- Die Polisie was aan die Westekant opgestel.

Weet u hoekom dit was? — Ek sou nie kan sê wat die doel daarvan was nie. Al wat ek kan reken is omdat die Polisiemanne daar in die omgewing was.

Kan watter kant, het jy beskou, kom die grootste gevaar?— Op daardie tydstip was dit beslis aan die Westekant.

Waar daar die minste was? — Waar die minste was.

Hoekom? — Dit kan ek nie sê nie. Hulle het baie meer geraas aan die Westekant, en was oproerig, het geskree en te kere gegaan, as wat die skare aan die Suidekant gewees het.

Ja, wat het toe gebeur? — Ek het aan die agterkant van die linie wat opgevoorn was, gestaan, en ek het net 'n baie groot lawaai by die hek gehoor. Toe ek seker toe kyk, toe sien ek die hekke is oop en daar is 'n man wat in gebring word, by die hekke. Wie hom houvas het, weet ek nie. Ek kon dit nie sien oor die koppe van die Polisiemanne nie.

Maar kon jy sien of dit 'n blanke is wat hom inbring? — Ek kon sien dit is 'n blanke persoon.

In uniform, of sender? — Dit was 'n persoon in privaatdrag.

Kan dit kol. Spengler gewees het? — Dit kan kol. Spengler gewees het.

Jy kan vir Spengler? — Ek kan hom, ja.

Hoekom sê jy jy kan nie vasstel wie dit was nie? — Kyk, ek was aan die heel verste punt van die linie wat opgevoorn was.

Aan die Noordepunt? — Aan die Noordepunt, half

— tussen —

tussen die twee. Daar was twee saracens daar gewees. Ek het net die rug van die persoon gesien.

En wat was die groot lawaai wat daar was? — Ek vermoed omdat daardie persoon daar gearresteer was, of gevang was, of wat met hom gebeur het, het ek nie presies gewest nie.

Wat het die skare gedoen? — Die hekke was op daardie stadium oop en ek het gesien dat daar van die Bantoes in die hekke ingekom het.

Hoe ver binnekant die hek het hulle ingekom - op die polisiegronde? — Ongeveer twee treë.

En hoeveel was daar, omtrent? — Seker omtrent vyftig, of meer.

Ek wil weet wat jou indruk was; was dit nou net 'n paar enkele Bantoes wat daar ingekom het, of was dit 'n groot klomp, soveel as die hek kon vat, wat daar ingekom het? — Dit is soos dit vir my voorgekom het, dat toe die man daar weggeneem is by die hek, het 'n klomp van die Bantoes ingestorm om hom terug te neem. Dit is altans die opinie wat ek gevorm het. Ek kan nie sê dit was so nie.

En wat het van die blanke man en die Bantoe geword wat hulle daar besig was om te arresteer? — Ek het nie gesien wat verder van hom geword het nie.

Wat het van die klomp geword wat by die hek ingekom het? — Hulle het weer uitgegaan en die hekke toe gemaak.

Vanself? — Van die Polisie-beauptes wat daar in die onmiddellike omgewing was, by die hekke.

Het wat gemaak? — Het die Bantoes teruggedruk

en die hekke weer toegemaak.

En, nou, terwyl die petalje daar aan die gang was, wat het die skare as sulks gedoen? — Hulle het erger lawanierig geword as onmiddellik voor dit.

En toe, wat gebeur toe daar? — Baie kort daarna, 'n mens kan byna sê onmiddellik daarna, het daar klippe uit die skare uitgekom - gegooi vanaf die skare. Eers net een of twee enkele, en toe baie meer. Terselfdertyd het ek die twee skote wat vir my soos rewolwerskote geklink het, vanuit die Bantoeskare waargeneem. Onmiddellik daarna het die Polisie lugebars met hulle vuurwapens.

Die klippe wat van die skare af gekom het, kom jy uitmaak van watter deel van die skare dit gekom het? — Onmiddellik aan die Noordkant en aan die Suidekant van die hek.

Maar was dit vir jou meentlik om te sien of dit net kom van die klomp wat teen die draad gestaan het, of het dit van oral gekom? — Van vooraf, wat naby die draad gestaan het, en dieper, in die skare in was die klippe gegooi.

Op daardie tydstop, wat was die posisie gewees omtrent die draadheining? — Wel, die draadheining het as gevolg van die drukking van die skare wat die heel tyd heen-en-weer beweeg het, baie oorgehel na die kant van die Polisiestasie. Ek het enige oomblik gevrees as daardie draad gaan break, sal dit nie - dit sal nie meer baie lank hou nie.

Vroeër, toe julle nou net 'n paar man was, het ek

— Van —

van jou verstaan dat jy onder die indruk verkeer het dat julle in gevaar is? — Dit is so.

Wat was jou gedagte op hierdie tydstip, toe die klippe gegooi word en net voor die skietery? — Wel, ek het die opinie gevorm dat die skare nou daardie draad daar gaan platloop en hulle gaan ons oorrampel.

Wat het u so laat besluit? — Onrede die toestand waarin die skare al die hele dag verkeer het, van 'n opstandige en rumsige toestand, en toe het hulle met die klippe begin gooi en ek het gereken nou gaan hulle somar ook storm, op dieselfde tyd; veral toe ek die twee skote ook uit die gehoor hoor.

Toe sê jy het die Polisie begin skiet? — Onmiddellik daarna het die Polisie met 'n sarsie skote losgebrand.

Wanneer jy in die verneë om by benadering vas te stel hoe lank die skietery aangehou het? — Ek sou sê dit was definitief nie langer as twintig sekondes nie - tussen tien en twintig sekondes.

En wat was die reaksie van die skare? — Hulle het gevlug - weggehardloop.

Hoe lank, sou jy sê, na die eerste skote, het jy gemerk dat hulle endraai en weggehardloop? — Hulle het onmiddellik weggehardloop.

Onmiddellik na die skietery? — Daar was natuurlik 'n geweldige samestroming teen die draad, en ek meen dat die meeste van die persone wat getref was, is die wat in die onmiddellike omgewing van die draad was.

Sou jy sê dat die Polisie nog aangehou het met
- skiet -

skiet nadat die gevaar reeds verby was? — Geensins nie.

DIE VOORSITTER: U moet asseblief in verband probeer bring die einde van die skietery met die toestand waarin die skare was teenoor die draad. U is onmiddellik na die skietery begin het, het hulle weggehardloop? — Dit is so.

Toe die skietery ophou, toe die laaste skote val, met ander woorde, wat was die posisie toe, sover u kon sien, aan die Weste- en Suidekante van die Polisiestasie? — Ek kon nie vanwaar ek gestaan het, sientlik die Suidekant waarneem nie.

Dan, aan die Westekant? — Aan die Westekant en aan die Noordekant, toe die skietery opgehou het, was daar beslis nie meer Bantoes in die onmiddellike omgewing van die draad nie.

Hoever was die naastes, sou u dit skat, by benadering? — Wel, die naastes is die mense wat daar gelê het.

Maar die wat beweeg het? — Die wat beweeg het was seker ontrent 50 of 60 treë of meer verder weg.

Het hulle gestaan, of het hulle gehardloop? — Hulle het weggehardloop.

Is dit die toestand soos u uself herinner toe die vuur gestaan het? — Die onmiddellike posisie, toe die skote gevuur is; dit het net voorgekom asof die hele massa plat geval het, daarna, nadat die skote bedaar het. Dit het gelyk of die hele massa wat daar was, plat geval het. Ek het op daardie spesifieke oomblik die indruk gekry dat almal wat daar plat geval het, dood is of gewond is. Maar na die verloop van

ongeveer 'n halfminuut - ek praat nou van na die skietery bedaar het - het seker 'n driekwart van die mense wat daar gesê het, opgespring en weggehardloop.

Is daar toe verder gevuur op die wat toe opgespring het? — Glad-en-geheel nie.

VERHOOR HERVAT: Ken jy - was jou indruk dit geweest, dat terwyl die mense weggehardloop, hulle van agter geskiet word? — Ek sal dit nie sê nie.

Wat was jou indruk? — My indruk was dat toe die skietery plaasvind, het die mense geval en ongespring en mekaar vertrap om weg te kom; en toe dit gebeur, toe is die skietery klaar.

Het jy enige bevel gehoor dat daar geskiet moet word? — Ek het geen bevel gehoor nie.

DIE VOORSITTER: Was daar enige opdrag gegee wat u van weet, toe die Politie in gelid opgestel is, oor die omstandighede waaronder die vuurwapens gebruik moet word? — Nee; nadat ek die manne aangetree het en - het ek na die agterkant van die linie beweeg, en ek het kol. Pienaar daar gesien toe die manne begin aantree het, van die Suidekant af, om, na die Noordkant-toe, vanwaar die saracens op die Westekant van die terrein gestaan het. Ek het nie gehoor dat kol. Pienaar met kapt. Brummer of van die lede daar gepraat het nie; want toe het ek af beweeg met die linie, en ek was heeltemal op die verste punt, vanwaar kol. Pienaar gestaan het. Die lawaai was so geweldig dat ek definitief nie kon hoor wat kol. Pienaar gesê het nie.

Was u ook daar toe daar opdrag gegee is dat daar vyf rondes gelaai moet word? — Op daardie stadium was

ek nie daar gewees nie.

Weet u nie daarvan nie? —Nee.

U was self ook gewapen, nie waar nie? — Ek het my rewolwer met ses patrone aan my gehad, ja.

Geen geweer nie? — Ek het geen geweer gehad nie.

Het u enige skote te enige tyd afgevuur? — Ek het geen skote te enige tyd gedurende die oproerigheid gevuur nie.

En toe die persone in die linie gevuur het, wat was u reaksie gewees; het u iets gedoen? Het u gesien of iemand anders iets doen in verband met die skietery? — Ek was, soos ek sê, aan die agterkant van die linie gewees en vanwaar ek gestaan het, kon ek nie my rewolwer gebruik nie, al wou ek, want dan sou ek van my eie manne raakgeskiet het.

Het u iets gedoen om die persone te kry om die vuur te staak? — Ek het gehoor dat die bevel gegee word, "Stop! Stop!" Ongeveer twee treë van my af, toe die bevel gegee word, het ek gesien dat een blanke Polisierman met die geweer aanlê en ek het na hom gedruk en hom gegryp en sy geweer afgeruk. Op dieselfde moment het luit. Fremantle ook daardie selfde beweging gedoen as wat ek gedoen het.

Wie het die bevel gegee wat u gehoor het? — Ek neem aan dit was kol. Pienaar gewees.

En het u dit gehoor? — Ek het net gehoor iemand skree "Stop! Stop!"

Hoe lank nadat u die bevel gehoor het, het die vuur in sy geheel gestaak? — Onmiddellik daarna.

VERHOOR HERVAT: Het u kon uitvind wat die

— gevoelens —

gevoelens was van die manskappe ontrent daardie tyd, kort voor die skietery begin het? — Wel, ek het nie vir die manskappe gevra nie. Ek kan alleenlik my eie gevoelens uitspreek.

Ja, maar — wel, as hulle in gelid opgestel word, sal dit miskien moeilik wees. Maar voordat hulle in gelid opgestel was, het hulle in groepe gestaan, daar? — Hulle het daar op die terrain rondgestaan en gepraat en gesels.

Het jy met hulle gemeng? — Ek was tussen hulle gewees, deurentyd.

Hulle het seker met mekaar gepraat? — Nie wat ek juis kan in die geheue roep nie.

U meen, hulle het gepraat maar hulle het nie iets gesê wat u kan onthou nie? — Ek vermoed u bedoel of hulle die posisie bespreek het, die toestand?

Ja? — Meeste van die kûrels het maar gepraat en gesê die nense lawaai en skree en die ding lyk lelik, en so aan.

Na die skietery, en die dooies en verwondes lê daar, wat is toe gedoen? — Dit was vir my verbasend, so gou as wat die ambulansse daar gekom het — ek kon nie begryp hoe hulle so vinnig daar aangekom het nie; maar ongeveer tien of vyftien minute na die skietery plaasgevind het, het die ambulansse daar opgedaag.

Hoeveel? — Ek dink eers was daar net twee gewoen. Later was daar meer — ek dink 'n stuk of vier, of vyf.

En wie was eerste verwyder? — Die nense wat seergekry het.

Die verwondes? — Die verwondes — heelis.

J.G. HEYL
Hooftgetuenis.

rewolwer gehad het, want daar sou nie tyd gewees het om nog ses te laai nie.

Where is Const. Pennekan? ---Hy is op Vereeniging gestasioneer.

Is he at the Police Station now? --- Ek sal nie kan sê nie. Moontlik mag hy nou daar wees. Ek weet nie.

I don't know whether my learned friend intends calling him as a Witness, Mr. Commissioner, but it might well be desirable - it is entirely a matter for you, Sir - it might be desirable if Const. Pennekan were the next Witness.

Apart from this chat of yours with Const. Pennekan last week, have you spoken to him since? ---Nee.

And when Const. Pennekan told you this, what steps did you take? --- Ek het niks gedoen nie.

You did not go to Maj. van Zyl? ---Nee.

You did not take steps to correct this report? --- Nee.

Why not? --- Omdat, voor ek met Pennekan gepraat het, het maj. van Zyl alreeds getuiskis gegee, en dit sal niks vir my help om daardie ...

Oh, you knew that he had already given evidence? ---Ja.

You said a few minutes ago that you did not know? --- Ek het gesê ek het nie gewoet watter dag nie.

I think I asked you whether when you spoke to Const. Pennekan, Maj. van Zyl had already given evidence, and you said you did not know. The fact is that you did know? --- Die eerste keer.

Did you know he had given evidence on this matter?

---Nee---

---Nee; dit weet ek nie van nie.

Then why do you say that it did not matter to correct this because you knew Maj. van Zyl had already given evidence? --- Ek het verlede week met Pennekan weer gepraat. Toe het hy vir my gesê hy het net drie of vier rondes geskiet.

Look, Mr. Heyl - you must listen very carefully, because this is very important. I have just said to you, when Pennekan told you, made his correction, why did you not take steps to correct this; you said there was no point in it, because Maj. van Zyl had already given evidence; and now you say you did not know that Maj. van Zyl had given evidence about this report? --- Ek het nie geweet watter dag maj. van Zyl getuienis gegee het nie.

You see, Mr. Heyl, you have got yourself into a lot of trouble, now. You know, there are a lot of indemnities being given here, but I don't know how far they go. Mr. Heyl, why did you not, when Pennekan corrected his statement to you - why did you not take steps to change this report? --- Verlede week het ek met Pennekan oor die skietery gepraat, van die tien patrone. Toe het hy vir my gesê hy het drie of vier rondes geskiet. Toe het maj. van Zyl reeds al die vorige week getuienis gegee.

Did you know that? --- Ek het geweet die majoor het die vorige week getuienis gegee.

Did you know he had given evidence about this report? --- Ek kan allemalik vermoed, want hy het die verslag vir my gevra.

Did you know he had given evidence about this? ---

Ek kan nie dit sê nie.

You didn't know? — Ek was nie in die Hof gewees nie.

Quite. So therefore, you thought that he might have, but you weren't sure? — Nee; ...

So why did you not take steps to correct this? — Omdat ek weet die majoor het reeds getuienis afgelê.

DIE VOORSITTER: Ja, maar die punt is — kyk: As hy op grond van daardie rapport getuienis gegee het, dan sou hy ten opsigte van een aspek 'n foutiewe syfer aan die Kommissie gegee het, nie waar nie? — Dit is so.

Het u nie gedink dit is dan gerade om daardie aan die lig te bring, onafgesien die feit of die majoor al getuienis gegee het nie? — Seer ek kan onthou, nadat ek met Pennekan gepraat het, was die majoor toe al met verlof gewees.

Wel, kan ek dit dan so stel: Het u die feit dat daar 'n fout gemaak is, onder enigemand anders se aandag gebring? — Ons het ons aparte rapport opgestel om aan te vra vir die teruggawe van die patrone wat gebruik was, en ek het toe vir mr. Kruger, die Stasie-Bevelvoerder, gesê ons moet vir daardie man, Pennekan, nie tien patrone vra nie, maar net drie.

Dit kan ek verstaan. U sê maj. van Zyl was weg. Het u dit onder enigemand anders se aandag gebring dat daar foutiewe inligting in daardie rapport is? — Nee.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: This is an official report? — Ek neem aan dit is; ek weet nie vir watter

— deel

doel die majoor dit wou gehad het nie. Hy het net vir my gesê ek moet daardie rapport opstel.

Surely under standing orders every time shots have been fired you have to make out a report like this?—
Dit is so.

And was it not important to correct this, quite apart from any evidence? —U kan dit as belangrik beskou, maar ons rapport wat ons moet instuur, is vir die teruggawe van die patrone wat gebruik is.

After Maj. van Zyl had asked for this report from you, when he asked you did he tell you what he wanted it for? —Nee.

Did he tell you it was to give evidence on? —Hy het nie vir my so gesê nie.

Why did you think he was going to give evidence on this? — Ek kan alleenlik vermoed. Ek kan nie sê die majoor het op daardie rapport getuienis afgelewer, of hy het nie afgelewer nie. Ek weet nie.

Did you see Maj. van Zyl after he came back from this Commission? — Ek het die majoor verlede week gesien, ja.

And you had a talk? —Nee oor daardie gangeleentheid nie.

What did Maj. van Zyl say to you about the evidence? — Ons het nie die majoor se getuienis bespreek nie.

Did you discuss the shooting? — Glad-en-geheel nie.

Did you discuss the question of the rounds fired? —

Nee.

Was this report in your possession - a copy? —

—Oms —

Ons het 'n afskrif by die kantoor, seker ek kan onthou.

He asked you for it? —Ja; nie daardie afskrif nie.

What did you do with the report. Where did you send it? — Ek het dit aan die majoor self oorhandig.

He did not tell you why he wanted it? —Ons het 'n sirkulêre brief gekry, seker ek kan onthou, waarin daar gevra was vir daardie inligting. Die sirkulêre brief, met daardie verslag, het ek by die majoor se kantoor ingegee.

May I make an application to you, Sir, to order Const. Pennekan to be called before this Commission immediately, without any interview with any person?

DIE VOORSITTER: Mr. Claassen, is dit meentlik om die getuie beskikbaar te stel in die loop van vanmiddag?

MNR. CLAASSEN: Edelagbare, ek kan alleenlik sê, ek weet niks van Pennekan af nie. Ek het hom gladnie — ek het gladnie 'n verklaring van hom nie. As dit doenlik is, en die hoofkonstabel kan

THE CHAIRMAN: Mr. Kentridge, you see, I have indicated that I normally would want a summary of the evidence which a person is to give. I don't know that I see any necessity for going any further in this case than to ask that Mr. Claassen should ascertain whether this Witness is available and that he should be called as soon as possible, and that he should in the circumstances have a consultation only with Mr. Claassen. Somebody must lead his evidence.

MR. KENTRIDGE: Well, I take it, Sir, there would not be any need to draw up a Memorandum.

—THE CHAIRMAN —

THE CHAIRMAN: No; but that is why I suggested that Mr. Claassen would hold a consultation with him. I don't know what other evidence he can give. Mr. Claassen would then lead his evidence from the statement.

MR. KENTRIDGE: Well, with great respect, Mr. Chairman, I don't know that there is any need for Mr. Claassen to have a consultation. I take it this witness could be called and could be asked, perhaps even by you, Sir, as to simply how many rounds he had fired and why he gave a false statement, quite apart from any other evidence he may have on any other ...

THE CHAIRMAN: Mr. Kentridge, I can see no objection whatsoever to Mr. Claassen having a consultation, as it is one of the points that is in issue, and leading his evidence thereafter. Do you see any objection to that being done?

MR. KENTRIDGE: May it please you, Sir; I have no objection at all to a consultation. The only point was, Sir, I thought it might be desirable to have him in the box immediately, today, rather than wait for my learned friend to consult with him, say, at the adjournment, so that he could only be called tomorrow. If, for instance, he were to come at 2.15 and my learned friend suggest an adjournment for a consultation, obviously ...

THE CHAIRMAN: Well, I will certainly make that possible, Mr. Kentridge, if it is necessary.

Mr. Claassen, kan u verneem of dit nouklik is om hierdie getuie beskikbaar te kry, en sal u dan met hom die nodige konsultasie hou en vas te stel vir hoever hy sy getuie kan gee, en ook met

— betrekking —

betrekking tot hierdie geskilpunt wat ontstaan het. As dit nodig is, sal ek aan u die geleentheid gee, na 2.15, om die saak te hervat.

MNR. CLAASSEN: Edelagbare, ek sal dit doen, niesteenstaande die verdenking wat my geleerde vriend skyn te hê van my regverdigheid. By die vorige geleentheid is beweer dat daar pogings was om my uit te sluit by sekere Memoranda wat gemaak is en ek wil eerlik sê, Edelagbare, as ek die getuënis by hierdie ondersoek moet lei en dit is die gevoel wat daar ontstaan oor my regverdigheid en my eerlikheid, dan sal dit my in 'n baie groot verleentheid stel.

Daar is iets anders wat ek ook wil vra, Edelagbare: 'n Aanmerking wat my geleerde vriend hier gemaak het omtrent sekere moeilikheid wat maj. van Zyl in was in verband hiermee. Ek dink dat hy dit behoort te verduidelik. Ek mag hom verkeerd verstaan het, maar dit klink baie na 'n ex parte verklaring wat ons niks van weet nie. Dit klink baie soos maj. van Zyl in moeilikheid gekom het nadat hy getuënis hier gegee het. As ek verkeerd is, daar, dan ...

DIE VOORSITTER: Ja; ek het dit nie so gesnap nie, maar miskien kan mnr. Kentridge dit verduidelik.

MR. KENTRIDGE: No, I meant he had difficulty in the Witness box in reconciling two statements he had made; and I think I should make it clear that I intended no reflection whatsoever on my learned friend. My only anxiety was to try and ensure that this man gave evidence today, and that it was not put off until another day because of the necessity of having a consultation. I certainly have no objection

at all to a consultation with Mr. Claassen. But no doubt Mr. Claassen himself will see, will realise the desirability that this man does not have consultations with other persons than himself. That was the only point, to obviate that. But even if it means an adjournment in the course of the hearing, Sir, I have no objection to my learned friend consulting with him. There was no such objection intended. I am very sorry that my learned friend took it that way. I can assure him, that was not intended at all.

- ADJOURNED: 12.50 p.m. -

- RESUMED: 2.20 p.m. -

JOHANNES GERHARDUS HEYL, still under oath:

CROSS-EXAMINATION BY MR. KENTRIDGE CONTINUED:

Mr. Heyl, you mentioned that when the shooting stopped you saw people running away, fifty or sixty or more yards away. Can you give us an indication where they were running, in which direction? — Ek het gesien Bantees hardloop weg, van die Westekant af, in die rigting Suid-Wes en Noord-Wes.

By North-West, do you mean — if I show you this aerial photograph, Exh. "C" — do you mean across this open ground at the side of the clinic? — Dit is reg. Hierdie oop stuk grond wat aan hierdie kant is.

DIE VOORSITTER: Met ander woorde, daardie donker deel wat lyk asof dit 'n grasperk, of iets, is? — Dit is reg. Daar het gehardloop, asoek aan die Suid-Westekant.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: Mr. Heyl, after the shooting, you saw some bodies lying on the ground, outside? — Ja.

— But —

But how far away from the fence were the nearest bodies? — Ek sou sê die naaste persone wat ek daar gesien is het, was ongeveer drie tot vier treë vanaf die draadheining.

There was no-one lying alongside the fence? — Nie wat ek gesien het nie.

Or hanging over the fence? — Nie wat ek gesien het nie.

NO FURTHER QUESTIONS.

MNR. CLAASSEN: GEEK HEEVERHOOR NIE.

DEUR DIE VOORSITTER: Mr. Neyl, kan u my enige idee gee oor hoe die skare wat aan die Westekant was, daar uiteengegaan het? Het hulle min of meer eweredig uiteengegaan, met ander woorde, min of meer die een helfte na die Noord-Westekant en die ander helfte na die Suid-Westekant, of was daar 'n neiging vir 'n groter gedeelte, om na die een kant te gaan, of na die ander? As jy egelet het? — Ek kan nie vir u presies daar sê nie maar die idee wat ek gekry het, wat daar gebeur het, kom min of meer hierop neer: As ek kan ter illustrasie my hande gebruik: Die skare het sê gestaan, teen die draad.

U hou nou u twee hande teenmekaar, met die vingers na bo? — Ja; dit is nou die koppe van die mense. En toe die skietery begin, het dit net gelyk asof die skare oor sak.

Die hele skare? — Of die skare oor sak. Dit het vir my op daardie oomblik voorgekom asof duisende onder die geweeruur neer besyk het. Ongeveer 'n halfuur, sou ek sê, na die skietery, toe het

— ongeveer —

J.G. HEYL
Deur die Voorsitter.
A.E. PENNEKAN
Hooftgetuie.

ongeveer driekwart van daardie wat platgeval het, opgespring en weggehardloop, Suid en Noord en Noord-Wes en Suid-Wes, en so aan. Want daar is 'n heining, seker ek reg kan onthou, aan die Westekant van die straat, wat by die Westekant van die Polisie-stasie verby kom.

Dit is die draadheining voor die kliniek? — Ek dink dit is wat dit is daar, ja.

Het u — ek dink een getuie het daarna verwys, seker ek my herinner; het u te enige tyd enige neiging aan die kant van die skare gesien, van die wat naaste aan die gevaar was, met ander woorde naaste aan die heining, om terug te swenk of om pad te gee terwyl daar andere was van agter wat nie onmiddellik reageer het nie, maar nog probeer het om na vore te heur? — Dit het ek nie opgelet nie.

Jy het nie so-iets waargeneem nie? — Nee.

EDWARD ARTHUR PENNEKAN, beëdig, verklaar:

VERHOOR DEUR MNR. CLAASSEN: Mr. Pennekan, jy is 'n konstabel in die Suid-Afrikaanse Polisie, gestasioneer te Vereeniging? — Dit is korrek.

Op die 21e Maart van hierdie jaar, het jy gegaan na Sharpeville-lokasie? — Dit is reg.

Onder wie se bevel was jy? — Ek was onder bevel van maj. van Zyl, distrikskommandant.

Hoe laat het julle by die lokasie aangekom? — Ek het daar aangekom om kwart-veer-drie die nêre.

Wat het julle daar gedoen in die lokasie? — Toe ek in die lokasie aankom, was alles stil gewees. Ons het

— gepatrolleer —

gepatrolleer tot ongeveer hier so by 8-uur se kant-toe, 7-uur, 8-uur se kant-toe. Toe is ons na die Municipale Kantore-toe. Toe het daar 'n klomp bymekaar gebondel; van die Bantoes het bymekaar gebondel.

Is julle omtrent 8-uur na die kantore-toe? — Ja; ongeveer 8-uur na die kantore-toe.

Voordat jy na die kantore-toe gegaan het, het jy Bantoes gesien wat bymekaar was? — Ja; daar was klompe van hulle bymekaar. Op elke hoek het 'n klomp gestaan, die strate het vol gestaan; daar was baie gewees, in die strate.

Was hulle gewapen, of nie? — Nee; ek het net 'n klomp klippe gesien wat hulle bymekaar maak, langs die pad. Op daardie tydstip het hulle nog nie na ons gegoel nie.

Hoe was die toestand toe daar, by die Administrasiekantore? — Toe ons by die kantore kom, het die Bantoes al opgekoms na die kantore-toe, van onder af, van die onderent van die lokasie af. Toe het maj. van Zyl ons bymekaar gemaak, en ons in hulle in gestuur en vir ons gesê ons moet hulle terugdryf, in die lokasie in. Toe het ons daar 'n knuppelstormloop uitgevoer en ons het gasbomme na hulle gegoel, maar dit het hulle nie gekeer nie. Hulle het aangehou ons met klippe gooi en hulle wou nie teruggaan nie. Hulle het al vorentoe gekom, en ons het hulle probeer terugjaag.

Wanneer is jy toe na die Polisie-stasie-toe? — Ek is na die Polisie-stasie om ongeveer 11-uur die nêre.

Met wie? — Ek was saam met mr. Heyl, konst. Beyl, konst. Potgieter, konst. Fouche, en sers. Grebler.

Op pad soeentoe, moes julle deur skares ry, of ...
? --- Ons moes deur skares ry, ja; vernaamlik toe ons
naby die Polisiestasie kom, was daar vreeslik baie van
hulle gewees.

Wat was hulle houding teenoor julle? --- Hulle het
vir ons geskree en vir ons gevloek en dreigemente na ons
uitgegooi, en alles. Ons kon amper nie eers deurkom
nie.

Was daar enige geweld gebruik aan die een of
ander kant- julle kant, of hulle kant? --- Nee;
op pad soeentoe was daar geen geweld gebruik, van
albei kante nie.

En wat was die toestand wat jy daar gevind het,
by die Polisiestasie? --- Toe ons by die Polisiestasie
kom, het daar so'n stuk of 20,000/25,000 van hulle
gestaan. Met die voertuig het ons probeer deurkom.
Hulle het ons gevloek en geskel op ons, en ons kon
amper nie eers deurkom nie. Hulle het oor die draad
gehang, daar. Hulle is weggejaag van die draad af,
maar hulle wou nie luister nie.

Julle het 'n hele tyd daar gebly, by die
Polisiestasie? --- Ons het 'n hele tyd daar gebly, ja.

En ek verstaan versterkings het lateraan gekom?
--- Versterkings het lateraan aangekom, ja.

Treksigewys? --- Ja.

En later het kol. Pienaar, kol. Spengler en die
mense ook daar aangekom? --- Dit is reg.

Maat hulle daar aangekom het, wat was die
toestand toe? --- Toe hulle daar aankom, die kolonel
kon skaars deur die skare kom. Hulle wou nie padgee
--- voor ---

voor die voertuig nie, en hy moes 'n pad deur hulle maak om in die Polisiepersele in te kom. Toe hy daar kom, het hy 'n paar van die leiers, sal ek maar sê, wat daar gestaan het, uitgeruk.

Was julle later in gelid opgestel? — Ja; ons was in gelid opgestel.

En later het julle geskiet op die skare? — Dit is reg.

Waarom het julle geskiet? — Ons is ...

DIE VOORSITTER: Waarom het jy geskiet? — Toe ons so gestaan het — ons was in drie rye, en toe is daar klippe na ons gegee. Toe hulle klippe na ons gee, ritireer al die Polisievanne, en toe, terwyl ons so ritireer, het ek maar net gehoor hulle skiet daar van die regtervlouel af, terwyl die Bantoes klippe na ons gee.

VERHOOR HERVAT: Wat bedoel u deur die ...? — Ons het sê gestaan (bednie).

Ja, kyk, julle staan nou na die Westekant, waar die skare is? — Dit is reg.

En daar is 'n dubbel-hek? — Dit is reg.

As jy nou na die hek kyk, was dit aan jou regterkant? — Dit was aan my regterkant.

Waar hulle geskiet het? — Dit is reg.

Waar het jy gestaan? — Ek het heeltemal links gestaan, in die linkerkantse grasperk.

Bedoel jy daardeur dat jy die laaste man was? — Nee; nie dat ek die laaste man was nie. Daar was nog 'n stuk of eg, nege aan my linkerkant gewes.

— Hoe —

Hoe ver het julle toe van die linkerkantse hoek af gestaan - dit is nou die Ooste-hoek? ---Ja, dit is reg. Ongeveer hiervandaan, daar na die hoek-toe, daar by die deur. (10 treë).

Jy sê jy het geskiet toe jy hoor dit het van die Noordekant gekom? --- Dit is reg. Toe skiet ek ook maar.

Het jy gehoor of daar 'n bevel gegee was? ---Nee. Hulle het vreeslik geraas. Al sou daar 'n bevel gewees het van daardie kant af, sou ek dit nie gehoor het nie, want daar was 'n vreeslike lawaai gewees.

Onder watter indruk was jy; was jy onder die indruk dat daar 'n bevel gegee was? --- Ek was onder die indruk daar was 'n bevel om te skiet, toe skiet ons maar almal.

En volgens jou eie mening, was daar noodsaaklikheid vir skiet? --- Ja; volgens my eie mening was daar gewees, want hulle het al hoe meer opstandig geword, verneem toe die kolonel daar aankom. Toe hy 'n paar van die leiers daar se uitruk, het hulle al hoe meer opstandig geword. Hulle het lateraan klippe na ons gegooi, en geskree en gevloek, en te kere gegaan.

Was jy persoonlik vervul met enige vrees, of nie? --- Hoe kan ek sê; ek het ook maar net daar gestaan en gekyk, en toe hulle klippe gooi, het ek ook maar geritireer om nie raakgegooi te word nie. Hulle het 'n Polisieman daar raakgegooi. Ek kom nie sy naam nie. Hulle het hom daar in die gesig gegooi. Dithet ek gesien.

En hoe lank sou jy sê het die skietery aangehou? --- Na my mening, 15 tot 20 sekondes.

---Het---

Het jy self geskiet? — Ek het self geskiet, ja.

Hoeveel skote het jy geskiet? — Ek het twee skote geskiet.

Twee skote geskiet? — Met die .303. Net met die .303.

Kyk, by'n latere geleentheid is julle gevra om die aantal skote te gee wat elkeen geskiet het? — Dit is reg.

Wat was die aantal wat jy gegee het? — Ek het die aantal "tien" gegee.

Hoekom sê jy nou jy het net twee geskiet? — My bandolier met patrone en my geweer en goed, het ek nie op huis-toe gevat nie. Ek het dit in 'n ander konstabel se kas toegesluit. Ek het nie geweet hoeveel van my patrone daar weg is nie. Toe het ek gesê tien, en later het ek weer na my stasiebevelvoerder-toe gegaan en ek het vir hom gesê, "Meneer, ek het te veel patrone opgegee."

Wie is jou stasiebevelvoerder? — Mnr. Kruger. Ek het na hom-toe gegaan, toe het hy vir my gesê hy sal dit lateraan regmaak.

Was hy die hoofkonstabel? — Hy is die hoofkonstabel, ja.

Was jy in verband met die aantal skote wat jy geskiet het, in gesprek met hoofkonstabel Heyl, te enige tyd? — Nee. Net daardie nêre toe ek vir hom gesê het ek het die tien geskiet. Dit was die nêre dat ek vir hom gesê het ek het die tien geskiet.

Waar was jy toe jy dit vir hom sê? — Met die

— tien —

tien skote - dit was by die Aanklagtekantoor.

Wat het jy toe vir hom gesê? —Hy het vir my gevra hoeveel skote het ek geskiet, toe sê ek vir hom tien. Dit was ongeveer 'n week daarna gewees, toe het ek my nie verder daaraan gesteur nie, toe sê ek vir een van die speurders - ek dink dit was sers. Blake - "Sersant, ek het nog nie 'n verklaring gemaak nie". Toe sê hy vir my hoekom het ek nog nie 'n verklaring gemaak nie; toe sê ek "Sersant, ek het af gekom vir verklarings, maar die manne was so besig gewees dat hulle nie my verklaring gevat het nie." Toe sou - ons is toe daar na die kantore-toe. Dit is nadat ek gekyk het hoeveel patrone het ek in my bandolier. Toe is ons na die kantore-toe, en toe het ek my verklaring daar gegee, nadat ek vir sers. Blake gesê het ek het nog nie 'n verklaring gemaak nie.

Toe jy nou die eerste keer die aantal skote opgee wat jy geskiet het, het jy geweet vir watterdoel dit opgegee is? —Nee. Ek het nie geweet vir watter doel nie. Dit is die eerste keer dat ek in so'n geval kom, by Sharpeville.

DIE VOORSITTER: Hoe lank is jy al in die Polisie?
— Ek sal volgende maand, die 25e, ses jaar in die Mag wees.

VERHOOR HERVAT: Maar het jy nog nooit van die patrone wat oorspronklik aan jou uitgereik was, in die uitvoering van jou pligte nees afskiet nie? —Nie .303 skote nie. Alleenlik by Sharpeville.

Toe jy by die diens aangesluit het, het jy 50 patrone gekry? — Ek het 50 patrone gekry.

58 jy dat dit die eerste is dat jy met daardie
geweer geskiet het? — Nee; dit is nie die eerste keer
dat ek met hom geskiet het nie. Die tyd toe ek in
Bechuanaland was, met die bek-am-klou, het ek daar met
die geweer geskiet. Dit is nie die eerste maal nie.
Dit is 'n tweede klomp patrone, hierdie, wat ek gekry het.
Die eerste klomp wat ek gekry het, het ek daar al klaar
geskiet.

Daar in Bechuanaland — was julle op die grens gewees?
— Ons was op die grens gewees.

Om te verhoed dat beeste deurken, oor die grens? —
Dit is reg, ja.

Het julle bietjie gejag, eek? — Nee; ons het nie
beeste geskiet nie. Al wat hulle gesê het ons kan skiet,
was tarentale en goed.

Het julle geskiet? — Ons het daar geskiet, ja.

DIE VOORSITTER: Het die .303? — Met die .303, ja.

VERHOOR HERVAT: Was daar dan nie vorige geleent-
hede gewees waar jy amptelik nees opgee wat jy geskiet
het nie? — Nee.

Was dit die eerste keer? — Dit was die eerste keer.
Toe ek naer daar terugken, van Bechuanaland af, het ek naer
met weer 50 patrone hier by my stasiebevelvoerder gekry.
Hulle het vir ons gesê as ons terugken by ons stasie, —
moet ons naer met weer vra vir patrone, en hulle het dit
vir my gegee.

GEEN VERDERE VRAE NIE.

KRUISVERHOOR DEUR MNR. FLEWMAN: Konstabel, jy sê
jy het nog nooit, van die dag dat jy met hoofkonstabel
Heyl geprent het en vir hom gesê het dat jy tien skote
—afgeskiet —

afgeskiet het, het jy nog nooit weer met hom gepraat
nie? — Ek het nog nooit weer met hom gepraat nie.
Ek het met die stasiebevelvoerder gepraat.

Jy is opgelei op die kollege? — Dit is reg.

Jy het daar geskiet op die baan? — Ja; ons het
op die baan geskiet.

Hoeveel skote ken jy afskiet as jy snelvuur nees
skiet? — Dit kan ek nie sê nie.

DIE VOORSITTER: In watter tyd, mr. Plewman?
Of liever, hoe lank sal dit jou neem om tien skote
af te vuur as jy gevra word om dit so vinnig moontlik
af te vuur op 'n skyf; as jy nou kelskiet, skyfskiet,
en jy word gevra om tien skote so vinnig moontlik af
te skiet. Hoe lank sal dit jou neem? — sê ongeveer,
naastebly 50 sekondes; as ek moet dood korrel vat, en
alles.

En as jy haastig skiet? — As ek senuw se die
geweer teen my skouer moet druk en senuw se afskiet,
sal ek hier by 20 sekondes vat.

Jy reken jy sal in twintig sekondes tien skote kan
afskiet? — Senuw die geweer se in my skouer druk en
maar net slot ooptrek en sneller trek; dan sal ek
dit kan doen.

KRUISVERHOOR HERVAT: Kan jy met vir my sê in
verband met die hek, nou. Kyk, die hek van die
Polisiestasie aan die Westekant? — Ja?

Min of meer waar het jy gestaan; voor die hek,
noord van die hek of Suid van die hek? — Senuw ek se
gestaan het (beduie) was die hek heeltemal aan my
regterkant gewees. Ek was nie naby die hek gewees nie.

DIE VOORSITTER: Jy het gestaan en jy het gekyk

na die heining? — Ek het gekyk na die heining.

Het ander woorde, jy het Wes gekyk? — Dit is reg.

Waar was - die hek was dan aan jou regterkant? —
Noeltemaal aan my regterkant gewees. Ek was nie naby
die hek gewees nie.

KRUISVERHOOR HERVAT: Min of meer hoe ver was die
hek van jou af? — Ongeveer van hier na die draad.

Dertien treë? — Ja; dit is hoe ver die hek van
my kant gewees het.

Wie het langs jou gestaan? — Konst. Potgieter het
langs my gestaan.

Is hy van Vereeniging? — Hy is van Vereeniging.

Aan watter kant was dit; aan jou linkerkant,
of aan jou regterkant? — Hy het aan my regterkant
gestaan.

En aan jou linkerkant? — Aan my linkerkant het
Johannesburg manne gestaan. Ek ken hulle nie.

Watter vuurwapen het Potgieter gehad? — Potgieter
het ook 'n .303 gehad.

Die manne aan jou linkerkant? — Dit kan ek nie
sê nie. Ek weet hulle het almal .303's gehad, maar
ek weet nie met wat het hy gekiet nie - of hy met
die rewelver of die .303 gekiet het nie. Ek het nie
so opgelet nie. Want daardie tyd toe hulle die klippe
na ons gegee het, het ons almal geritireer en al die
Pelisiamanne het seer dournekaar geraak. Toe was ons
nie meer in gelede nie. Toe was ons seer dournekaar.

Het ander woorde, ten tyde van die skietery was julle
nie meer meei in lyn gewees nie? — Nee; toe was ons nie
meer meei in lyn nie. Toe hulle klippe gee, toe

toe retireer ons.

Om net duidelikheid te kry, min of meer waar het jy gestaan; hoe ver weg van die draad af, voor die klippe gekom het? — Voordat die klippe gekom het?

Voordat die klippe gekom het, toe julle in die lyn staan? — Ongeveer vanhier na daardie muurtjie-toe (9 treë). Ek was in die tweede ry — ek en Potgieter.

Het julle meer as een ry gestaan. Julle het nie in een lyn geskiet nie? — Ons het in drie rye gestaan.

Hoe lank het julle so daar gestaan? — Ons het daar so opgevoorn, en toe het ons ongeveer daar so tot tien sekondes so gestaan.

Dit was voor die skietery? — Voor die skietery. Ons was net opgevoorn.

So, kan ek dit so stel: Julle het feitlik net julle pos ingeneem toe die skietery gekom het? — Ons het ons pos ingeneem, en toe is daar eers klippe gegooi, en toe ons sien die klippe kom, toe is ons deurnekaar. En toe ons deurnekaar raak, hoor ek maar net hulle skiet hier van die regterkant af.

Kan u net vir my verduidelik presies watter bevels u gehoor het, en hoe u daarop reageer het? — Toe ons nou so staan, toe raak ons nou so deurnekaar, toe hulle die klippe gooi.

Toe u die eerste keer in gelid opgestel was, wat was die bevels wat u gekry het; wat het u gehoor, en wat het u gedoen? — Is dit nou toe ...

DIE VOORSITTER: Kyk, op 'n sekere tydstip het julle opdrag gekry om aan te tree? — Ja; dit is reg.

Dit is wat die advokaat wil weet. Vandaar af, wat

— het —

het gebeur?

KRUISVERHOOR HERVAT: Watter bevel het julle gekry; wat was die eerste dinge wat jy gehoor het? — Halle het net vir ons gesê ons moet in geledere inval.

Wie het dit gesê? — Wel, ek weet nie wie is die man wat dit vir my gesê het nie. Ek ken nie die Johannesburg manne nie.

Was dit 'n offisier? — Dit was 'n offisier gewees, ja - 'n luitenant gewees; maar ek ken hulle nie.

Wat het hy vir jou gesê, waar moet julle staan? — Halle het net vir ons gesê "Val in"; en as hulle vir ons sê, "Val in", dan weet ons hoe om in te val.

Hy het nie vir jou gesê hoe ver van die draad, of so-iets nie? — Hy het voor ons gestaan, toe het hy so gewys net sy stekkie, hoe moet ons inval.

Het hy toe gesê in een ry, of twee rye, of hoe het hy gesê? — As ons inval, val ons gewoonlik in drie rye in.

Is aan julle later weer gesê om in een ry te gaan staan? — Hoe, nie wat ek kan enthou nie.

Hou het julle maar bly staan in die drie rye? — Dit is reg. So het ons deurnekaar ook gemaak.

DIE VOORSITTER: Toe julle nou aantree, het julle in drie rye gestaan, regoor die lengte van hierdie Westelike grens, of waar het julle drie rye gestaan? — Op die grasperk het ons somer so ingeval; voor die draad het ons so ingeval. En die luitenant het net daar voor ons gestaan, en ons so bynekaar gemaak, agter mekaar laat staan.

Hoeveel man nou daar in elkeen van hierdie rye toe

— gewees —

gewees het? --- Nee; dit sal ek nie kan sê nie. Toe ons inval het ek nie ...

Was jy in die voorste, die middelste of die agterste ry? --- Ek het in die tweede ry, dit is die middelste ry, gestaan. Daar was manne agter my gewees, maar wie dit was, weet ek nie. Ek weet net Potgieter het aan my regterkant kom inval.

KRUISVERHOOR HERVAT: Is julle aangesê, die wat .303's gehad het, waar hulle nees staan, die net stangewere waar hulle nees staan, om so aan? ---Nee. Ons het maar net so ingeval.

Elke man het sy eie plek gekies? --- Elke man het maar net sy eie plek gekies. Daar was nie aan ons gesê hoe ons nees staan nie.

En was daar enige ander bevels wat julle daar gekry het, voor die skietery? --- Voor die skietery, nee; nie wat ek kan onthou nie. Nie waaraan ek kan dink nie.

Wanneer het jy jou geweer gelaai? --- Die nêre al, kwart-voor-drie, hier by die aanklagtekantoor. Toe het ons al bevels gekry om te laai.

Wie het vir jou bevel om te laai? --- My distriks-kommandant, maj. van Zyl.

Het hy aan jou gesê dat niemand op daardie stadium 'n vuurwapen nees gebruik nie? --- Op daardie - op watter stadium?

Die oggend, waarvan jy nou praat? --- Daardie nêre het hulle vir ons gesê ons mag nie skiet voordat daar bevels is nie. Dit is wat aan ons gesê is. Hulle het net gesê "Laai", en dit was klaar.

Hoeveel het jy gelaai? --- Ek het nege in my nagasyn

--- gelaai ---

gelaai.

En een in die loop? — Nee, ek het nie een in die loop gehad nie. Dit is net aan ons gesê, "Moet nie in die loop laai nie; sit net in die magasyn".

Dit was maj. van Zyl? — Dit was maj. van Zyl wat ons beveel het, ja.

So, jy het in daardie tyd nege in jou magasyn gehad? — Dit is reg.

En voor die skietery by die Polisie-stasie te Sharpeville, het jy nie 'n skoot afgevuur nie? — Nee; ek het nie 'n skoot daar afgevuur nie.

Nee, ek praat van voor die tyd; voor jy by Sharpeville aan die skietery deelgeneem het? — Nee, die oggend het ek nie geskiet nie.

Kan jy dit vir my sê: Kort voor die skietery, waar het kol. Pienaar gestaan? — Halle het heeltemal aan die regterkant van ons gestaan.

Voor julle, soos julle opgestel was, of agter? — Ek het maar net gewest hy is daar aan die regterkant. Waar hy gestaan het, weet ek nie. Ek kan nie sê nie.

Waar was die naaste offisier aan jou? — Dit kan ek ook nie sê nie. Ek weet nie waar was die naaste offisier aan my nie.

DIE VOORSITTER: Was jy bewus van enige offisier agter jou? — Agter my - nee. Ek weet net van offisiere aan my regterkant. Ek het nie van hulle gesien nie.

KRUISVERHOOR HERVAT: Het jy op daardie stadium gedink dat jy nog moet wag vir 'n bevel voordat jy

— skote —

skote afskiet? — Toe ek die klippe sien en ek hoor hulle brand los, hulle skiet daar van die regterkant af ...

Die vraag is, of jy geweet het dat jou staande instruksies nog is dat jy moet wag vir 'n bevel voor jy skiet? — Nee; toe hulle skiet, toe skiet ek ook.

DIE VOORSITTER: Voor die skietery begin het, het jy toe nog gedink dat, "Voor ek skiet, moet ek instruksie kry"? — Ja. Ek het dit geweet.

KRUISVERHOOR HERVAT: Het jy geweet dit moet kom van 'n offisier? — Ek het geweet dit moet kom van 'n offisier.

Het jy gedink dat dit nodig sal word dat julle daar moet skiet, by die Polisiestasie? — Ek kan nie sê wat ek daardie tyd gedink het nie. Hulle het maar net gesê ons moet inval, en ek kan nie...

Jy persoonlik; wat was jou gedagtes? Het jy gedink dit is gevaarlik, hier, nou, jy? — Ek het gedink dit is gevaarlik, ja; hulle was vreeslik opstandig gewees.

Het jy gekyk om te sien waar die naaste offisier was? — Nie toe ons inval nie.

Hoekom nie? — Ek het geweet die offisiere staan daar aan die regterkant, en ek het nie verder gekyk vir 'n offisier nie.

Het jy verwag dat iemand 'n bevel gaan gee dat julle moet skiet? — Ek het - toe hulle skiet, het ek ook maar gedink daar is 'n bevel gegee.

Jy het my nou net gesê.

DIE VOORSITTER: Wel, ek weet nie of hy dit presies so gestel het nie, mr. Plewman. Soos 'n mens nou dinge dink - jy staan nou daar en jy kyk nou

nou na al die skare daar. Afgesien van wat jy gedink het 'n offisier gaan doen, of iemand anders, wat het jy nou self gedink? Het jy gedink, "Dit lyk vir my vandag gaan hier geskiet word"? —Ja, ek het dit gedink.

Of het jy gedink dit is onwaarskynlik ...? — Ek het gedink daar gaan geskiet word, ja.

Hoekom? — Die tyd toe die kolonel nou daar aankom en toe hy nou die leiers en goed daar uitruk, dit was eintlik die tyd toe die groot moeilikheid begin het. Toe het hulle al erger begin word. Hulle het die draad lateraan daar platgedruk en op ons gevloek, en geskel, en toe hulle die klippe gooi, toe wesk ek klaar ons sal skiet.

KRUISVERHOOR HERVAT: Is u antwoord dan dit, dat u nie ^{op}'n bevel gewag het nie? —Nee, dit is nie dat ek nie gewag het nie. Die tyd toe ek die skoot maar daar van die regterkant af hoor, al het my maat Potgieter met my hier gestaan en praat, sou ek hom skaars kon hoor, so het hulle geraas. Die Bantoes, die Bantoesvrouens het geskree en te kere gegaan, dit was verskriklik, en ek het nie gekeer nie.

Maar dit was al vir 'n hele rukkie so, nie waar nie? —Ja.

Dit was nie sonar onmiddellik nie; dit was al 'n hele ruk se? —Ja; hulle het die hele ruk geraas.

Jy het verwag dat dit nodig sou word dat julle skiet? —Ja; ek het dit verwag.

Jy het nie gewag en te kyk waar die offisier is nie? —Nee, ek het nie gekyk nie.

— Onmiddellik —

Omiddellik voor jy jou eerste skoot afgeskiet het, wat was die toestand hier voor jou, by die draad? — Nadat ek my eerste skoot afgeskiet het?

Nee; onmiddellik voor jy jou eerste skoot afgeskiet het? — Voordat ek my eerste skoot afgeskiet het — bedoel u net nadat die manne in die regtervlouel begin skiet het?

Nee? — Of voordat hulle geskiet het?

Nee; stel dit maar so: Voordat die eerste skoot afgeskiet is? — Hulle het daar so eer die draad gehang, gevleek en geskel, en vreeslik te kere gegaan. Hulle wou net niks weet nie — vernam toe hulle vir ons so ons meet inval. Toe vleek en skel hulle ook eers, sonar hier voor ons het die Bantoevrouens gestaan en vir ons uitgeskel en gevleek en te kere gegaan.

Die Naturelle was die heel tyd teenaan die draad? — Hulle was die heel tyd teenaan die draad. Hulle het by die draad bly staan.

Mag ek dit so stel: Die enigste rede waarom jy nou 'n eerste skoot afgeskiet het, was omdat jy gehoor het dat iemand anders hier skote afskiet? — Ja. Dit is toe ek ook naer geskiet het. Toe het ek ook naer gedink, wel, die offisier het gesê ons kan skiet, toe skiet ek ook naer.

DIE VOORSITTER: Kyk, wat was die eerste ...

KRUISVERHOOR HERVAT: Wat het die skare Bantoes gedoen, d.w.s., die klemp wat onmiddellik voor jou gestaan het? Wat het hulle gedoen? Wat het hulle gedoen toe daardie eerste skoot val? — Toe die eerste skoot val, het hulle angespring en gehardloop.

Omiddellik? — Onmiddellik. Toe die eerste skoot

val, het hulle ongespring en gehardloop.

Feitlik soos 'n man het hulle gedraai? — Dit is reg. Hulle het dadelik begin - toe gaan hulle agteruit.

Was daar na daardie eerste skoot, nog 'n paar ander skote voor jy self geskiet het? — Ja; daar was 'n klompie ander skote gewees.

Het ek jou reg verstaan; toe jy die eerste skoot gehoor het, was daar nog 'n paar ander skote, toe skiet jy self? — Toe het ek self geskiet.

Hooveel skote was daar tussen die eerste een en jou eerste skoot? — Dit is vir my niementlik ontoesie.

DIE VOORSITTER: Was dit los, enkel skote, of was dit 'n sarsie? — Aanskaar gewees.

KRUISVERHOOR HERVAT: Toe jy jou skote aftrek, na wat het jy geskiet? — Ek kan nie sê of ek reg in die skare geskiet het, of waar ek geskiet het nie. Ek het na die geweer vasgedruk. Of ek oor hulle koppe geskiet het, weet ek nie. Ek het nie sonar dadelik na 'n persoon geskiet nie. Ek het nie na iemand gemik nie.

Jy het nie na iemand gemik nie. Jy het sonar losgebrand? — Sonar losgebrand, ja.

En in watter rigting het jy geskiet? — Ek het reg voor my uit geskiet.

DIE VOORSITTER: Dit wil dan sê reg Wes, soos jy toe gestaan het? — Reg Wes, ja. Dit is reg, ja.

KRUISVERHOOR HERVAT: En hoe lank na jou eerste skoot het jy jou tweede skoot afgeskiet? — Ek het my eerste skoot afgeskiet, toe kom daar 'n klomp mense voor

my, ek weet nie vanwaar nie - Polisie-manne.

Tussen jou en die skare? --- Nee; tussen my en die draad, ja. Toe kom hulle voor my in. Toe gaan ek weer nog 'n paar treë linkerkant-toe, twee/ drie treë, toe skiet ek my tweede skoot.

En waarna het jy gemik in daardie geval; weer somar ...? --- Weer somar net geskiet. Ek het nie na iemand gemik nie.

Na jy jou tweede skoot afgeskiet het, het jy gehoor dat ander kerele nog skiet? --- Ja. Hulle het nog geskiet. Toe hoor ek net hulle skree "Stop! Stop! Stop!" en toe stop hulle.

Het hulle dadelik gestop, of het dit stadig aan gegaan - die een aan die Noordkant en een aan die Suidekant lateraan, wat opgehou het? --- Toe hulle van die regterkant af skree "stop!" het hierdie aan die linkerkant somar dadelik saam gestop.

Die manne wat langs jou gestaan het, het hulle ook geskiet? --- Aan watter kant? Aan die linkerkant?

Aan albei kante? --- Ja, hulle het ook geskiet.

Het u gewest dat u 'n rapport moet insit in verband met die skietery? --- Nee. Ek het dit nie gewest nie. Soos ek sê, dit is die eerste keer dat ek in so'n ding in kom.

Het u gewest wat u moet doen as u meer patrone wil hê? --- Wat bedoel u nou?

Kyk, jy het nou 'n paar patrone weggeskiet? --- Ja.

Om jou getal van 50 weer op te maak, het jy gewest wat jy moet doen om die twee te kry wat jy weggeskiet het?

--- Wel ---

— Wel, ek het gewest wat moet ek doen om die getal te kry wat ek weggeskiet het, ja.

Wat moes jy doen? — Ek kan net na my stasie-bevelvoerder gegaan het en vir hom gesê het ek het twee skote weggeskiet.

Met ander woorde, jy moet 'n rapport insit en vir hom sê jy het twee skote weggeskiet, en vir hom verduidelik hoekom, en waar? — Dit is reg.

Is dit iets wat in staande orders staan? — Ja. Dit staan daar. As jy 'n patroon wegskiet, moet jy 'n rapport insit en sê na wat het jy geskiet, hoeveel het jy geskiet.

Toe jy die rapport gegee het dat jy tien weggeskiet het, het jy gewest dat dit vir amptelike doeleindes nodig was om daardie rapport te gee en om presies te sê hoeveel jy weggeskiet het? — Die nêre toe mr. Heyl vir my vra hoeveel ek weggeskiet het, het ek naer net vir hom gesê tien, sonder dat ek eers na my bandolier gaan kyk het.

Maar hoekom sou jy sê tien; dit is wat ek nie kan verstaan nie. Hoekom tien? — Ek het dit verkeerd opgegee aan mr. Heyl. Toe het ek lateraan weer teruggegaan en vir hulle gesê dat ek 'n fout gemaak het, en dat ek twee weggeskiet het.

Die verskil tussen twee en tien is tamlik groot, nie waar nie? — Dit is.

Hoe maak jy so 'n groot fout? — Ek kan nie sê nie.

Jy het gewest as jy daardie rapport insit, dat jy nog tien gaan kry; dat die amptelike doel van jou rapport aan Heyl was om nog meer patrone te kry en vas te stel hoeveel weggeskiet is, en vir welke doel? — Toe hulle

die patrone vir my gegee het, het ek na hulle-toe gegaan en vir hulle gesê ek het te veel gesê, ek wil die patrone teruggee aan hulle. Toe sê ons stasiebevelvoerder vir my, mnr. Kruger, vir my hy sal later die patrone van my vat. Ek moet net 'n bietjie lateraan kom. Ek het nog nie na hom-toe gegaan nie.

DIE VOORSITTER: Wanneer was dit dat jy hierdie gesprek gehad het? --- Met ons stasiebevelvoerder?

Ja? --- Dit was twee weke terug.

Wat is die posisie nou; hoeveel patrone het jy nou op die oomblik? --- Op die oomblik het ek in my bandolier 48.

Ek is nie vertroud met die Polisie-regulasies nie. Ek sal dit vermoedlik later ter insae kry. Ek weet nie of hierdie getuie nou besig is op antwoorde te gee wat hom miskien later mag blootstel aan vervolging onder die Polisie wet of iets nie.

MNR. CLAASSEN: Ek dink ons kan op 'n latere stadium duidelikheid kry daaroor, Edelaagbare.

DIE VOORSITTER: In elk geval, het jy nou nog die patrone, of het jy alweer die wat jy dan te veel sou gekry het, teruggegee? --- Nee, ek het vir mnr. Kruger gesê ek wil die patrone vir hom teruggee, toe sê hy vir my ek moet lateraan kom, hulle is te besig.

Het jy dit nog, met ander woorde? --- Ek het dit nog. Ek moet dit nog vir hom gaan teruggee. Ek het vir hom gesê ek sal dit na hom.

Hoeveel het jy dan op die oomblik? --- Ek het 48 in my bandolier, en dan het ek tien in die kas, van die wat ek vir hom moet teruggee.

KRUISVERHOOR HERVAT: Met ander woorde, julle het alweer patrone gekry? —Ja, ons het patrone gekry.

Na hierdie voorval? —Ja, na hierdie voorval het ons weer gekry.

DIE VOORSITTER: Wanneer? — Dit is ongeveer twee weke gelede, want toe ek die patrone kry toe gaan ek reguit na hantoe en ek sê vir hom ek het te veel patrone gekry. Toe vra hy vir my "Hoe dan so?" toe sê ek vir hom "Meneer, ek het maar twee gekoet".

KRUISVERHOOR HERVAT: Nou, laat ek terugkom na my vraag, hoekom jy so'n groot fout maak as om te sê tien. As jy gesê het drie in plaas van twee, kon ek dit verstaan? — Hy het my maar net gevra toe sê ek vir hom tien, toe het ek lateraan teruggegaan en vir hom gesê ek het te veel gekry. Dit is nadat ek my patrone gaan tel het. Ek het self na my bandolier gegaan en gekyk hoeveel patrone het ek, toe sien ek ek het 48. Toe het ek my verklaring die nêre gemaak, toe het ek ook daar vir hulle gesê dat ek dit verkeerd opgegee het.

DIE VOORSITTER: Wanneer het jy daardie verklaring gemaak? — Ek kan nie sê nie.

Is daar enige beswaar dat hy sy gehoue wat die datum betref, verfris?

MNR. PLEWMAN: Eidelagbare, ek kan self vir hom sê. Ek sal self kyk wat die datum was - die 7e April hierdie jaar is dit geteken.

DIE VOORSITTER: Maar die getuie het nog nie die verklaring gesien nie, so ek is nie seker dat dit die verklaring is waarna hy verwys nie.

Is dit die verklaring wat jy so jy gemaak het? —
Ja; dit is reg.

Wat is die datum? — 7.4.60.

KRUISVERHOOR HERVAT: Ek wil dit net aan jou stel —
ons sal nie verder hierop ingaan nie, maar ek wil dit
net aan jou stel dat jy wel tien gesê het omdat jy tien
weggeskiet het? — Nee. Ek het nie tien weggeskiet
nie. Ek weet hoeveel het ek weggeskiet. Ek het twee
weggeskiet. Ek het nie tien weggeskiet nie. Daar is
my bandolier nog net soos dit van Sharpeville-af
terugkom. U kan iemand stuur om dit te gaan haal.
Ek het nog nie gevat daaraan nie. Dit is nog net so
daar in die kas.

Miskien moet ek dit so aan jou stel: Hoof-
konstabel Heyl het vanoggend getuie nie hier afgegee? —
Ja.

Hy het aan die Hof gesê dat jy in jou eerste
rappert wel gesê het jy het tien afgeskiet. Hy het
aan jou gesê jy ken nie tien afgeskiet het in so'n
kort tyd nie. Jy het daarop bly staan dat dit wel
tien was wat jy afgeskiet het? — Dit was voordat ek
nou na die kas-toe gegaan het. Mar. Heyl het my die
nêre ingeroep, toe het hy my net gesê ek het nie tien
geskiet nie. Toe staan ek daar by hom, toe gaan die
gesprek somar oor na iets anders, want toe het die
stasie-bevelvoerder ook nog daar ingekom. Ons het
nie die heel tyd gestaan en gesels nie.

DIE VOORSITTER: Die punt is, het hoof-konstabel
Heyl die kwessie van die afskiet van tien patrone met
jou geopper, of nie? — Dit is reg; hy het.

— KRUISVERHOOR —

KRUISVERHOOR HERVAT: En jy het gesê nee, dit was tien? — Ek het vir hom gesê dit was tien, en toe is ek na my bandolier om te gaan kyk hoeveel was dit en toe het ek met 'n latere geleentheid teruggekom na my stasiebevelvoerder en vir hom gesê "Nee, meneer, dit was verkeerd; ek het nie tien geskiet nie".

En niks anders kon in die tussentyd gebeur het om jou weer te laat dink hoeveel jy afgeskiet het nie? — Nee.

Is jy nie deur die manne by die stasie geterg oor die feit dat jy sê dat jy tien kan afskiet in so'n kort tydperk nie? — Niemand het met my daaroor gepraat nie.

Niemand het met jou daaroor gepraat nie? — Nee.

Jy het nie vir hoofkonstabel Heyl op 'n sekere stadium gesê dat jy drie of vier afgeskiet het nie? — Nee; ek het nie met mr. Heyl verder daaroor gepraat nie.

DIE VOORSITTER: Het jy met enigiemand anders daaroor gepraat, waar jy inligting gegee het dat jy drie of vier afgevuur het? — Dit was net die dag toe ek na my stasiebevelvoerder gegaan het en vir hom gesê het ek het twee afgeskiet.

Het dit te eniger tyd volgens jou waarneming geblyk dit word nou 'n kwessie van belang oor hoeveel skote daar deur elke lid van die Mag afgevuur is? — Nee, dit het nie. Ek het maar net na my stasiebevelvoerder gegaan en vir hom gesê ek het twee skote geskiet en ek het gesê ek het tien geskiet, en ek vra vir hom om dit reg te maak. Toe sê hy vir my hulle het klaar die vorm op gestuur na die distrikskomaniant-tee.

KRUISVERHOOR HERVAT: Toe jy opgelei is, op
— kollege —

kollege, het hulle vir jou instruksies gegee in verband met die gebruik van stengewere? —Ja, hulle het.

Wat was daardie instruksies; kan jy vir my sê, in jou eie woorde? —Hoe bedoel u?

Wat was die instruksies wat jy gekry het in verband met stengewere; wanneer mag hulle gebruik word? — Hulle het net vir ons gesê ons mag die goed gebruik wanneer daar so'n opstand sees hierdie is, en wanneer die offisiere vir ons toestemming gee om dit ^{te} gebruik.

DIE VOORSITTER: Het ander woorde, is jy een van die persone wat spesiaal opgelei is om stengewere te gebruik? —Ja; hulle het ons daarin opgelei.

KRUISVERHOOR HERVAT: Het hulle vir julle daar geleer dat julle moet wag op 'n bevel van 'n offisier voordat julle 'n stengeweër gebruik? — Dit is reg.

Aangesien jy opleiding gekry het in die vuur van 'n stengeweër, kan jy my miskien sê, hoeveel skote skiet 'n stengeweër as dit op snelvuur is - hoe vinnig skiet dit? — As hy op snelvuur is, gaan daar 28 van hulle uit.

Hoe lank? — Per minuut.

DIE VOORSITTER: As jy nie weet nie, moet nie gis nie, asseblief, want dit is iets waareer ons wel getuigenis kan kry. Weet u self nie presies wat die posisie is nie? — Ek het al al daardie dinge vergeet.

KRUISVERHOOR HERVAT: Maar jy onthou nou dat jy nie mag vuur sonder instruksies nie? — Sonder instruksies van 'n offisier nie. Die vuurwapens wat hulle vir ons gee, hulle sê almal, ons mag nie afvuur sonder die toestemming van 'n offisier nie.

DIE VOORSITTER: Vermeedelik behalwe as jy op jou eie is, en jou lewe is in gevaar. Dan mag jy seker vuur?

—Ja, nee, as ek op my eie is, dan skiet ek op my "ace".

Maar jy meen in die omstandighede soos jy die dag daar in Sharpeville was, ...? — Onder die omstandighede waarin ek daar op Sharpeville was, daar moet ek wag op 'n offisier.

Wanneer 'n offisier in bevel is, dan is die opdrag dat jy moet wag totdat jy van hom die bevel kry? — Dit is reg.

KRUISVERHOOR HERVAT: Het hulle aan jou gesê dat 'n stengeweer uiters gevaarlik is? — Ja, hulle het vir my gesê.

En julle is veral om daardie rede gewaarsku om dit nie te gebruik nie, tensy julle beveel word om dit te doen? — Beveel word om dit te doen, ja.

Wen, kan jy vir my 'n paar ander dingetjies sê in verband met die gebeure hier by Sharpeville Polisiestasie. Hoeveel saracens was daar? — Omtrent drie of - vier. Vier.

Kort voor die skietery, het daar nense op die saracens gestaan? Het hulle gestaan en kyk na die skare? — Voor die skietery was daar nense. Hulle het op die saracens gestaan en kyk.

Na die skietery, was hulle nog daar, of het jy nie gekyk nie? — So-op die saracens?

So-op die saracens? — Ek het nie gekyk nie.

Het jy opgelet of daar nense staan in die linie wat stengeweere gehad het? — Nie daar rond waar ek gestaan het nie.

— Ken —

Kan jy sien of daar op ander plekke mense was met stengewere? — Nee, ek het nie so gekyk nie.

Hou, kan jy nêrhet verdere besonderhede gee in verband met hierdie bevel, wat jy gehoor het, om te stop. Wie het dit gegee? — Ek weet nie wie dit gegee het nie. Dit het maar net daar van die regterkant af gekom. Ek het gehoor hulle skree "Stop! Stop! Stop!" Ek weet nie wie die bevel gegee het nie.

En dit het jy gehoor terwyl die mense besig was om te skiet? — Ja, terwyl hulle nog besig was om te skiet.

Jy het gehoor dat iemand skree "Stop! Stop! Stop!"? — Dit is reg, ja.

Wie was die offisier wat in bevel was van jou en die manne op daardie plek? — Waar ons gestaan het?

Waar julle gestaan het? — Ek weet nie. Ek ken hom nie. Die een was 'n luitenant gewees; die man wat vir ons gesê het ons moet daar inval, maar ek ken hulle nie.

DIE VOORSITTER: Was daar iemand van die univorm-afdeling? — Nee, hy het 'n univorm daardie dag aangehad, so ek vat dit maar dat hy van die univorm-afdeling is.

KRUISVERHOOR HERVAT: Jy het gepraat van die kolonel wat iemand ingeruk het by die hek? — Ja.

Watter kolonel was dit? — Hy was in privaat-klere gewees.

Kan jy aan my sê hoe hy die man gevat het, en hoe hy hom ingebring het? — Hy het daar voor by die hek gestaan, die man. Toe ken die kolonel in en hy het hom daar so aan sy skouer gevat en hom ingebring.

Was daar ander mense wat gestaan het min of meer

op dieselfde plek, by die hek, van die Polisie? —
Daar was nense in privaat klere, by die hek. Of hulle
speurders gewees het, weet ek nie, want ek ken hulle
ook nie.

Was daar een met 'n sakdoek op sy kop, met 'n wit
hemp? —Nee, ek weet nie. Ek kan nie sê nie. As
ek my verbeel, dan dink ek daar was iemand met 'n
sakdoek op sy kop. Dit was ook 'n Johannesburg man
met 'n wit hemp, en ek verbeel my hy het 'n univorm-
breek aangehad.

Was hy ook daar by die hek ten tye van die arres-
tasie? — Ek verbeel my ek het hom ook daar gesien.
Hy het 'n wit hemp aangehad, en 'n univorm-breek, en
'n sakdoek om sy kop. Hy het die sakdoek om sy kop
gehad. Ek het die man al baie gesien, maar ek sou nie
weet wat sy van is nie.

DIE VOORSITTER: Sal jy hom weer kan sien as jy
hom sien? — Ek sal hom weer kan sien. Ek het hom
alweer daarna ook gesien.

KRUISVERHOOR HERVAT: Waar het jy hom weer daarna
gesien? — Wel, ek het hom hier in die lokasie gesien.

In Vereeniging? —In Vereeniging, ja. Ek het hom
hier gesien by die Polisie-stasie, ook.

Is dit iemand wat hier gestasioneer is?—Nee;
hy is van Johannesburg.

GEEN VERDERE VRAE NIE.

HERVERHOOR DEUR MNR. CLAASSEN: Pennekan, verstaan
ekvan jou dat jy het hom op die oomblik 48 patrone in
jou bandelier? —Ja; 48 in my bandelier.

Is dit die enigste plek waar jy patrone het? —

— Nee —

op dieselfde plek, by die hek, van die Polisie? —
Daar was mense in privaat klere, by die hek. Of hulle
speurders gewees het, weet ek nie, want ek ken hulle
ook nie.

Was daar een met 'n sakdoek op sy kop, met 'n wit
hemp? — Nee, ek weet nie. Ek kan nie sê nie. As
ek my verbeel, dan dink ek daar was iemand met 'n
sakdoek op sy kop. Dit was ook 'n Johannesburg man
met 'n wit hemp, en ek verbeel my hy het 'n univorm-
broek aangehad.

Was hy ook daar by die hek ten tye van die arres-
tasie? — Ek verbeel my ek het hom ook daar gesien.
Hy het 'n wit hemp aangehad, en 'n univorm-broek, en
'n sakdoek om sy kop. Hy het die sakdoek om sy kop
gehad. Ek het die man al baie gesien, maar ek sou nie
weet wat sy van is nie.

DIE VOORSITTER: Sal jy hom weer kan sien as jy
hom sien? — Ek sal hom weer kan sien. Ek het hom
alweer daarna ook gesien.

KRUISVERHOOR HERVAT: Waar het jy hom weer daarna
gesien? — Wel, ek het hom hier in die lekasie gesien.

In Vereeniging? — In Vereeniging, ja. Ek het hom
hier gesien by die Polisie-stasie, ook.

Is dit iemand wat hier gestasioneer is? — Nee;
hy is van Johannesburg.

GEEN VERDERE VRAE NIE.

HERVERHOOR DEUR MNR. CLAASSEN: Pennekan, verstaan
ek van jou dat jy het nou op die oomblik 48 patrone in
jou bandolier? — Ja; 48 in my bandolier.

Is dit die enigste plek waar jy patrone het? —

Nee, behalwe daardie wat die stasie-bevelvoerder vir my gegee het. Ek het 48 in my bandolier, en daardie wat die stasiebevelvoerder vir my gegee het, die tien. Dit het ek in my kas gesit.

Is dit daar tesame met die bandolier? —Nee; dit is nie tesame met my bandolier nie.

Waar is diebandolier? — Die bandolier is in die "barracks".

En die tien patrone? — Dit is by die huis.

By jou huis? —By my huis, ja.

Loseer jy? —Nee, ek is getroud.

Waar is julle veronderstel om die patrone te hou? — Wel, as daar nou nie sulke onluste soos hierdie is nie, dan hou ons dit daar in die steer by die Polisiestasie. Dit word daar gestoor. Maar met hierdie moeilikheid, nou, het hulle vir ons gesê ons moet dit maar by ons hou. Ek het my geweer en my bandolier en my bajonet het ek ^{toe-} gesluit in die kas by konst. Scholts. Dit is in sy kas.

Laat ek 'n bietjie daarvan hoor. Jy sê jy het na die voorval jou bandolier gegee aan wie? — Aan konst. Scholts, en in sy kas te sit.

En het hy dit in sy kas gesit? —Hy het dit in sy kas gesit; dit is nog daar.

En het jy dit nog nie weer gevat nie? — Ek het dit nog nie weer gevat nie. Die geweer staan ook nog daar.

DIE VOORSITTER: Wie is die Scholts. Hoekom gee jy jou geweer en bandolier aan hom? — Anders moet ek

— dit —

dit elke dag opdra huis-toe. Toe los ek dit maar daar by hom. Sedra ek by die Polisiestacie kom, trek ek dit maar net daar by hom.

Is hy 'n ongetroude man? ---Hy is 'n ongetroude man, ja.

Wat by die Polisiestacie inwoon? --- Ja. Toe sê ek vir hom ek sal dit maar daar by hom los, anders moet ek dit elke dag op-en-af dra, huistoe.

HERVERHOOR HERVAT: Waar is Schojts nou? --- Ek weet nie of hy werk nie. O, nee, hy werk nagdiens. Hy kom tienuur vanaand op.

Is hy by sy enkelkwartiere - waar woon hy? --- Hy is in die enkelkwartiere, maar ek weet nie of hy nou daar is nie.

As ons nou iemand scheentoe stuur, sal daardie bandolier met die 48 patrone daar gevind word? --- Dit is in die bajonet, in die kas.

DIE VOORSITTER: Ek dink die belangrike ding is die 48 patrone? --- Dit sal daar in die kas wees. Die geweer staan aan die linkerkant, en my bandolier met patrone is onder in die kas ingedruk.

Wanneer het jy laas jou bandolier en geweer gesien? --- Ek het hom maar net nou-die-dag nog gevra of die geweer en bandolier nog daar is, toe sê hy vir my hy hou dit maar daar; dit is daar toegesluit. Niemand sal dit daar vat nie.

In elk geval, jy was nie in die loop van die dag daar nie? --- Vandag?

Ja? --- Nee; ek was nie naby nie. Ek was uit.

--- Ek ---

Ek het maar eers vanmiddag teruggekom, voordat ek moes hof-toe kom.

Het jy self 'n geweer van jou eie, afgesien van die geweer wat jy van die Mag gekry het? — Nee; ek het net die .303 en my Polisie-revolver — geen ander geweer nie.

HERVERHOOR HERVAT: Verstaan ek van jou dat jy dit na die voorval gegee het aan hom, en dat jy dit nog nie weer gesien het nie? — Laat ek sê, ek het hom net gevra of die goed nog daar in sy kas is, en toe het hy vir my gesê ja.

Het jy dit nog nie weer hanteer nie? — Nee.

Het jy n og nie weer die bandolier hanteer nie? — Ek het nog nie weer aan die bandolier gevat nie. Dit lê maar nog net daar so, onder in sy kas.

Jy het dit nie gesien of hanteer nie? — Nee; ek het maar net nou-die-dag gevra of dit nog daar is, toe sê hy ja, hy het die kas toegesluit.

Hoe het jy toe vasgestel dat jy net twee geskiet het? — Dit was die nêre toe ek na die spandiers gegaan het, voordat hulle my verklaring geneem het. Toe het ek gaan tel in my bandolier, hoeveel is daar.

Waar was dit toe, toe jy gaan tel het? — Toe was dit ook in Schelz se kamer gewees.

Is dit nadat jy dit vir hom gegee het? — Nadat ek dit vir hom gegee het. Toe gaan ek weer die nêre daar na hom-toe. Toe sê ek vir hom hy moet my net sy kas se sleutel gee — want toe het hy nêrediens gewerk. Toe sê ek hy moet net sy kas se sleutel vir my gee, ek wil gaan kyk hoeveel patrone is daar in my bandolier.

— Heen —

Meen dit dat jy nou wil terugtrek wat jy metnou vir my gesê het? — Dat ek nog nooit daar was nie?

Dat jy dit nog nie weer hanteer het, of gesien het nie? — Ja, ek het weer daarnatoe gegaan; dit is toe ek dit gaan tel het. Maar wat ek bedoel is ek het dit nog nie weer gehad by my nie.

Edeelagbare, ek dink die punt is belangrik genoeg dat iemand, miskien, wat u sal aanbeveel, gaan en die bandolier met die patrone kry. Afgesien van die getuienis van die getuie, is die bandolier met patrone van belang.

GEEN VERDERE VRAE NIE.

DEUR DIE VOORSITTER: Kyk, jy het vir my vertel dat daar 'n bevel gegee is dat julle moes aantree? — Aantree, ja.

Is daar enige bevel daarna gegee wat in verband met julle vuurwapens gestaan het? — Toe hulle vir ons sê ons moet aantree, het hulle net gesê "Is julle gewere gelaai?" dit is al wat ek kan onthou. Almal het gesê "Ja". Dit is al wat ek kan onthou.

Is daar enige spesifieke opdrag gegee, sover jy kan onthou, oor hoeveel gelaai moet word? — Nee. Hulle het nie gesê nie. Hulle het net gesê "Is julle gewere gelaai?" toe sê ons "Ja".

Ek dink jy het reeds gesê - toe noes daar hoeveel in jou geweer gewees het? — Nege. Want kyk, ek het die nêre daar by die polisie-stasie al gelaai.

Het jy self gesien of mense daar gelaai het? — Nee. Ek het niemand gesien laai nie.

In die loop van die dag, daar, het jy te enige

tyd skote gehoor, dit wil sê nog voor jy by Sharpeville Polisiestasie gekom het? — Dit is ...

Geweerskote of rewolwerskote, voor daardie voorval by Sharpeville Polisiestasie? — Die nêre, ja, toe hulle ook klippe gegooi het en hulle ons daar wou beser.

Waar het jy die skote gehoor? — Dit is toe ons die knuppelsterloop gehad het. Dit was aan die bekend van die lokasie. Ek het deur die drade gekruip, agter, toe hoor ek maar net hulle skiet.

Weet jy wie dit was wat geskiet het? — Nee; toe was ek alleen agter gewees. Ek was agter by die huise om. Ek het niemand gesien skiet nie.

Jy weet nie of dit die Polisie is en of dit ander persone is wat geskiet het nie? — Ek kan nie sê wie dit is nie. Ek het niemand gesien nie.

Het jy te enige tyd daardie dag enige skote gehoor wat jy gemeen het word deur iemand anders as Polisie afgevuur? — Nee; nie wat ek gehoor of gesien het nie.

Jy het in jou getuïenis gesê dat toe die Polisie gevuur het, toe het die skare omgedraai en gehardloop? — Ja.

Die eerste skoot het jy gehoor van jou regterkant af? — Van my regterkant, ja.

Toe, soos jy sê, het jy ook gevuur, want jy het die afleiding gedoen dat daar 'n bevel gegee was om te vuur? — Dit is reg.

Wat was die posisie op daardie tydstip voor jou,

— waar —

waar jy gestaan het, dit wil sê toe jy begin vuur. Wat was die posisie voor jou? --- Toe het hulle al klaar omgedraai. Toe hardloop hulle al. Toe trek hulle alweer terug.

En dit was toe die posisie, toe jy jou skote gevuur het? --- Toe ek my skote gevuur het, ja.

Waar was jou skote gewees wat jy gevuur het, onmiddellik na die eerste skote geval het, of nader aan die laaste skote wat geskiet is. Waar sou jou twee min of meer ingepas het? --- Onmiddellik toe ek hoor hulle skiet daar aan die regterkant, het ek ook geskiet.

Jy het eers jou een skoot geskiet? --- Eers my een skoot geskiet.

En toe het daar blykbaar iemand voor jou gekom? --- Daar het persone voor my gekom, ja; wie hulle is, kan ek nie sê nie.

Toe skiet jy jou tweede skoot? --- Toe skiet ek my tweede skoot, ja.

Hoe naby was daardie tweede skoot aan die einde van die skietery? --- Toe ek my tweede skoot skiet, het ek nog so gestaan, toe hoor ek die "Stop! Stop! Stop! Stop! Stop! Stop!" Dit was net so'n rukkie na my tweede skoot gewees.

Toe jy nou jou tweede skoot geskiet het, wat was die posisie hier in die straat, aan die Westekant van die Polisiestasie? Ek weet dit is moeilik om dinge te beskryf, maar probeer om vir my 'n direksie te gee, soos jy dit gesien het? --- Dit is nadat ek my tweede

--- skoot ---

skoot geskiet het?

Terwyl jy jou tweede skoot skiet? — Toe het ek maar net gesien almal hardloop.

Maar was daar toe net enkelinge wat in die straat gehardloop het, of was daar? —Nee; almal.

Of was daar 'n groot aantal mense? — 'n Groot aantal mense het gehardloop.

Voor jou? — 'n Groot aantal mense het voor my gehardloop.

Hoe het die mense daar gehardloop? Het almal as't ware in gelid, in een rigting gehardloop, het die mense deurmekaar gehardloop, of hoe was dit? —In alle rigtings. Party van hulle het af gehardloop, party oor die drade - in alle rigtings gehardloop, net waar hulle kans kon kry om weg te kom het hulle gehardloop; in alle rigtings. Soos ons so gestaan het, het hulle in alle rigtings gehardloop.

Op jou linkerkant, waar daar ook mense was, weet jy tot wanneer hulle gevuur het? —Nee, ek weet nie tot wanneer hulle gevuur het nie; want daardie mense wat aan my linkerkant gestaan het - dit is toe hulle deurmekaar geraak het; toe staan daar mense aan my linkerkant, toe gooi hulle klippe, en toe kom daar mense by, van die Polisionarisse wat agter my gestaan het. Toe kom hulle by en hulle het voor my ingekom. Dit is toe ek my tweede skoot geskiet het.

MNR. FLEWMAN (DEUR DIE VOORSITTER): Konstabel, jy het verduidelik wanneer jy jou geweer gelaaie het? — Ja.

Kan jy net vir my sê, wanneer het jy weer die

— patrone —

patrone uitgehaal? — Daardie nêre, toe ek my patrone gaan tel het. Dit was net voordat ek my verklaring gemaak het.

Gee my die datum? — Dit was dieselfde datum as op die verklaring, die 7e.

Was dit die eerste keer toe jy jou geweer - die orige patrone in jou geweer uitgehaal het? — Uitgehaal het en ingepak het, in my bandolier.

Het jy nie jou geweer skoongemaak in die tussentyd nie? — Ek het, ja; dit het ek gedoen. Ek het maar net kokkwatër deurgegooi, en maar deurgetrek.

Jy het nie jou patrone toe uitgehaal nie? — Nee; maar toe was die patrone al uit. Toe ek die patrone uithaal, het ek my geweer skoongemaak, en alles. Ek het eers die magasyn uitgehaal en toe my geweer skoongemaak. Die patrone het in die magasyn gebly. Ek het dit daar op die tafel neergesit, kokkwatër ingegooi, weer die patrone - maar toe het ek dit afgevat "barracks" - toe en daar na konst. Schelz se kamer-toe.

Met ander woorde, jy het nie jou patrone daardie dag getel nie? — Nee; die dag van die skoongemaak het ek niks getel nie.

Wanneer het jy dit skoongemaak. Kan jy aan my sê watter dag dit was? — Nee; dit kan ek nie sê nie.

Die dag na die skietvoerval, twee dae daarna? — Dit was ongeveer drie/vier dae na die skietvoerval.

THE CHAIRMAN: Now, Mr. Kentridge, do you think it is fairer that this be followed up at once?

MR. KENTRIDGE: We have no objection, Sir; but

— in —

in view of this last statement by the Witness, that he put the bullets into the bandolier before he made this statement about the firing of only two shots instead of ten, I don't know that it would be conclusive, but certainly we have no objection to following it up.

DIE VOORSITTER: Mr. Claassen, ek weet nou nie; is dit moontlik om iemand te kry wat bevredigend sal wees vir almal, as 'n persoon wat 'n mens kon vertrou om na die kamer te gaan en die bandolier te kry en dit hierheen te bring? Ek dink as ons 'n konstabel stuur en as een van die praktisyns sou bereid wees om behulpsaam te wees ...

MNR. CLAASSEN: Sers. Lerm kan gaan, Edelaagbare.

MR. KENTRIDGE: If Sergt. Lerm wants to go, Sir, we shall be very happy with Sergt. Lerm.

WYNAND JACOBUS WESSELS, beëdig, verklaar:

VERHOOR DEUR MNR. CLAASSEN: Jy is 'n speurder-sersant in die Suid-Afrikaanse Polisie en jy is verbonde aan die Veiligheidstak? ---Ja.

Is jy gestasioneer te Vereeniging? ---Ja.

Hoe lank was jy hier in Vereeniging? --- Sedert 1953.

Hoe lank is jy verbonde aan die Veiligheidstak? --- Sedert 1950.

Jy het - dit het seker tot jou aandag gekom dat hier 'n organisasie bestaan wat genoem word Pan-Africanists? ---Ja.

--- P.A.C. ---

P.A.G., sees dit verkort word? — Dit is die verkorting, ja.

Het hulle takke hier in Sharpeville? — Ja.

Hoeveel takke? — In Sharpeville het hulle een tak.

Weet jy wanneer dié begin is? — Dit het onder my aandag gekom in Augustus 1959.

Weet jy wie die lede is wat op die Uitvoerende Komitee is? — Ja.

Wie is hulle? — 'n Bantoe met die naam van Job Tsole is die Voorsitter; Thomas More is die Vice-Voorsitter; Michael Tsole is die Sekretaris; David Ramodibe is die Tesourier; en een van die Komiteelede, met die naam van Emmanuel Teketsi was bekend aan my.

DIE VOORSITTER: Waar kry u die inligting vandaan wat u nou verstrekket? Het u dit self vernem, of is dit iemand anders wat u daarvoor ingelig het? — Nee; dit het kontakte vir my ingewen.

VERHOOR HERVAT: Ken jy die mense? — Ja.

Het jy almet hulle gepraat? — Ja; ek het met hulle gepraat.

Almal van hulle? — Elkeen van hulle.

Oer die posisies wat hulle hou? — Ja.

En het hulle dit erken, of nie? — Hulle het dit erken aan my.

Het daar sekere van die P.A.G. se biljette in jou besit gekom? — Ja.

Kyk 'n bietjie na hierdie pamflette; is dit van die pamflette wat in jou besit gekom het? — Ja.

Kan jy seker wees dat dit almal afkomstig is van die P.A.C.? — Die pamflette is onderaan gedruk, "National Secretary, Pan-Africanist Congress, P.O. Box 1610, Johannesburg". Die ander een is "Issued by the Pan-Africanist Congress, P.O.Box 1610, Johannesburg". "Issued by the National Executive, Pan-Africanist Congress, P.O. Box 1610, Johannesburg". Die laaste een, "Issued by the National President, Pan-Africanist Congress, Mangaliso R. Sebukwe".

Wat is die belangrikheid van die eerste een — is dit nou in die volgende sees jy dit ontvang het, sees jy dit daar het? —Ja.

Wat is die belangrikheid van hierdie pamflet? — Hierdie pamflet was die eerste van die reeks wat hier versprei was. Dit was gedurende die begin van Maart versprei in Sharpeville-lokasie, asook in Evaton.

Maart van watter jaar? — Hierdie jaar. In hierdie pamflet word dit net gesê — die begin is: "The dawn has come; the great awakening has started". Ek verstaan uit hierdie pamflet dat iedere persoon wat dit ontvang het, is daaraan herinner — dit is aan hom gestel, sees dit hier lees, kortliks: "Are you, because of indifference, because of fear, because of despair, because of apathy, betraying the African struggle against the Pass Laws?" Dan gaan dit verderaan en sê dat 15 miljoen persone word onderdruk as gevolg van Paswette.

(Eerste pamflet, Bewysstuk "D1", ingehandig).

Daarop ...? — Daarop het die volgende twee pamflette gevolg.

— Wat —

Wat is kortliks "D2"? --- Kortliks, "D2", "Alerting the Nation". Daarin is persone gevra dat elkeen wat hierdie sirkulêre ontvang, dit moet hou. Dit is ook hier gesê, "It was resolved, also, that each person should make a donation of £1. 2. 6d. This money will be used to care for the widows and dependants of the Nation". Hulle is gevra om kos op te gaar, en geld te spaar. In para. (e) word dit hier gesê: "This is going to be a disciplined mass campaign. Orders must be carried out faithfully. If we all play our part, if we all cling together, no force can defeat us. We will win!"

(Pamflet, "Alerting the Nation", Bewysstuk "D2", ingehandig).

DIE VOORSITTER: Ten opsigte van Bewysstuk "D2", wanneer is dit in omloop gebring; weet u, min of meer? ---Ja, dit was vroeg in Maart hierdie jaar. Dieselfde tydperk het Bewysstuk "D3", "Passes must go now", verakyn; Mense is weer daaraan herinner dat hulle moet kos opgaar en geld spaar. In paragraaf 5 word gesê: "There is no need for blood-shed. What is needed, is unity and sacrifice. In 1960 we take our first step - in 1963 our last, towards freedom and independence".

(Pamflet, "Passes must go now", Bewysstuk "D3", ingehandig).

VERHOOR HERVAT: Ja, en die laaste? --- Die laaste pamflet, "Calling the Nation", is gedurende die aand van die 17e en 18e Maart 1960 versprei.

Ek dink u beter daardie een lees? --- Die pamflet lees, "Calling the Nation. No bail, no defence, no fine! This is the call the African people have been

--- waiting ---

waiting for. It has come. On Monday, the 21st March, 1960, we launch our positive, decisive campaign against the Pass Laws in this country.

(a) Our Demands:

- (i) We demand that the Pass Laws be totally abolished.
- (ii) We demand a minimum wage established by Government Legislation of £35 per month, or £8. 3. 4d. per week, which must be paid throughout the country.
- (iii) We demand a guarantee that no workers shall be dismissed because of this campaign.
- (iv) We demand a guarantee that the leaders shall not be victimised, either by the Local Authorities or by the Government as a result of the African people's positive action.

(b) These are my orders, and if we must win, these orders must be faithfully obeyed:

In every city, town and village, the men will leave their passes at home on Monday, the 21st March, 1960.

- (c) Under the local leadership of the Pan-Africanist Congress, the men will move to the chosen Police Station and there surrender themselves for arrest. The leader will tell the police that we all do not have passes. "We will not carry passes again. Millions of our people are arrested under the Pass Laws, so you had better arrest us all now".

- (d) If you are stopped by the Police on the way and they demand passes, surrender there and then for arrest. If one man is arrested for not having a pass, you all stop there and then. Tell the Police that you do not have passes either. Demand that they arrest you all.
- (e) All men will go to gaol under the slogan of "No Bail, no defence, no fine!" The women will be assigned their historic role, but in the first phase of the struggle they must make sure that all men go to gaol.
- (f) Duration of Campaign:

Nobody will call this campaign off except the National President of the Pan-Africanist Congress, who will do so at the meetings of the people. Do not allow any newspaper, circular letter or officials of the Government to mislead you. So long as the campaign is on, nobody will go to work. Let us stick together, the people and their leaders. It is now time for service, sacrifice and suffering. That is the spirit in which we must go into action - freedom from pass laws, slave wages, etc. etc. - now. God save Africa and her peoples! Issued by the National President, Pan-Africanist Congress, Mangaliso R. Sebake."

Aan die keersy is dit in Bantoetaal vertaal,
Edelagbare.

DIE VOORSITTER: Het u die vertaling nagegaan? Kom

u Bantoe taal? — Nee.

So, u weet nie of dieselfde gestel werd in Bantoe taal nie? — Nee; ek weet nie.

VERHOOR HERVAT: Wanneer het daardie sirkulêre eers in onsand gekom? — Gedurende die nag van die 17e en die 18e Maart 1960.

Het jy dit toe gesien? — Ja.

En is dit reg dat volgens die inhoud, op daardie brief werd die Bantoes gees om op 21 Maart 'n optog te hou en na die Polisiestasio te gaan? — Ja.

(Pamflet, "Calling the Nation", Bewysstuk "B4", ingehandig).

Op die 21e, is jy eek na die Sharpeville Lekasio? — Ja.

Watter tyd het jy daar aangekom? — Ek het ongeveer 6.30 die oggend by die ingang van die lekasio gekom, na-aan die Munisipale kantore.

Was jy met iemand saam, of was jy alleen? — Ja; ek was saam met kapt. Willers van "The Grays", Johannesburg.

Willers is eek op die Veiligheidstaf? — Hy is eek op die Veiligheidstaf.

Vertel ons kortliks wat die toestand was wat u daar gevind het in die lekasio? — Het my aankoms daar het ek gevind dat daar 'n samevroming van Bantoes was wat vanaf die kant van die lekasio in die rigting van die Munisipale kantore aangestap gekom het. Daar was ongeveer 5,000 en talle van hulle het vanaf die systrate by die massa aangesluit. Voerom die punt

— van —

van hierdie optog was jonger Bantoes, kinders en Bantoevrouens, gewees. Halle het gesing en geskree, en al nader aan die plek beweeg waar die Polisie stelling ingeneem het. Daar was 'n aantal Polisie gewees. Op een stadium het ek gevind dat 'n Bantoesman net sy rug na die Polisie gekeer na die skare gekyk het, en hulle gewys het om aan te kom. Hy het met albei sy hande so gewink, om nader te kom. Hy het geloop en skree. Van wat ek kon hoor wat hy skree, was dit "Afrika!" "Iswe lethu!" Hy het naderhand tot naby aan die Polisie beweeg. Ek het na hom gegaan. Hy was ongeveer vyf treë van my af. Ek het hom aan sy arm geneem en hom weggelei. Hy het aan my gesê, "We are fighting for our freedom!" Ek het hom na 'n vangwa wat in die nabyheid gestaan het, geneem en hom gevra "Wat maak julle?" Hy wou nie verder antwoord nie. Ek het hom sy naam gevra, en hy het sy naam gegee as Thaddis Mtoampe. Aan sy lapel van sy baadjie het hy twee kaartjies gehad, "Away with passes - P.A.C." "Africa for the Africans only - P.A.C." Ek het hom in die vangwa laat aanhou en teruggegaan na die toneel waar die samevrouing was. Dit was nog dieselfde toneel. Talle Bantoes het daar gestaan en dit het blykbaar gelyk of hulle al nader kom aan die Polisie. 'n Ander Bantoe het rondgehardloop en tot tussen die Polisie gehardloop en geskree "Afrika!" "Iswe lethu!"

Wat beteken dit? ——"Iswe lethu!" beteken "Ons Land". 'n Bantoe-konstabel het hom omarm en hom
— waggeneem —

weggeneem, nadat hy vir my gesê het "What the hell are you doing here? Ek dra nie meer 'n donderse pas nie". Hy is ook na die vangwa geneem. In die vangwa het ek hom ondervra. Ek het van hom verneem sy naam is Molefi Monyake. Hy het ook kaartjies, "Away with passes - P.A.C." en "Africa for the Africans/^{only}- P.A.C." aan die lapel van sy buisjie gehad, en hy het 'n lidmaatskap-kaartjie van die Pan Africanist Congress in sy sak gehad.

Hoeveel het jy toe gearresteer gehad? —Met die twee. Ongeveer 7.30 het ek 'n berig ontvang dat moeilikhede elders in die distrik voorkom, en ek het Sharpeville verlaat op daardie oomblik.

Het jy weer teruggekom? —Ja; ek het om presies 1 n.m. dieselfde dag, die 21e, met kol. Spengler, kol. Prinsloo en kapt. Willers by die Sharpeville Polisie-stasie arriveer, van Vanderbijlpark af.

Daar is een eienskap, hier, wat my opval, en dit is, julle was nie veel van die Veiligheidstak-mense daar gewes, in Sharpeville, die dag nie. Daar was Spengler, Willers, jyself ...? — En speurder-sersant Muller.

Prinsloo? — Ja; en speurder-sersant Muller.

Maar die arrestasies wat daar gemaak is, skyn almal deur julle gemaak te gewes het? —Ja.

Wat was eintlik die doel van die arrestasies? — Met ons aankoms - en terug te gaan: Gedurende die oggend was dit duidelik dat die persone, Thaddeus/^{Ntsepe} en Molefi Monyake, hulle voorgedien het as leiers van persone daar. Hulle het die mense aangespeer en aan te kom, hulle gewink en nader te kom na die Polisie-tee.

Die doel om hulle weg te neem was net bloot dit, as hulle dan leiers is, is hulle verwyder; want hulle het die persone definitief aangespoor om na die Polisie te kom.

Was dit die doel van die ...? --- Dit was die doel van die verwydering van die twee, die oggend.

Bedoel jy nie so groot arrestasie/nie, maar verwydering? --- Het verwydering.

DIE VOORSITTER: Het jy hulle vantevore geken? --- Ek het - die naam Thaddia Mtsampe was bekend aan my, maar ek het die Bantoe nie geken nie. Toe hy sy naam aan my gee, het ek aan hom gesê "Wel, ek weet wie Thaddia Mtsampe is. Dit is die eerste maal dat ek jou ontmoet en ek is baie bly om jou te sien".

DIE VERHOOR HERVAT: Het jy vir hom gesê jy is baie bly om hom te sien? --- Ja.

Om jou getuigenis 'n bietjie vooruit te loop: Weet jy met watter doel kol. Spangler later op die Polisie-terrein ook leiers arresteer het? --- Kol. Spangler was saam gewees, by Sharpeville. Het ons aankoms daar, om 1-uur, het twee persone, Michael Tsole, die Sekretaris van die Pan-Africanist Congress in Sharpeville, en Thomas Mors, die Vice-Voorsitter van die Pan-Africanist Congress in Sharpeville, aan die voerpunt van die skare, teenaan die draad, heen-en-weer beweeg. Michael Tsole het tot binne in die afkamping gekom. Daar was 'n verskriklike lawaai. Hy het voor rondgeleef, en gehare gemaak wat my voorgekom het asof hy die mensse roep. Daar was verskillende krote van "Afrika!" Jy ken nie so dit was van een persoon nie, want baie het geskree "Afrika!" en "Iswe lethu" en ek het selfs skreeus gehoor van "Gate Manor!" - verskillende skreeus. Hulle het dournekaar

geskree. Maar Thomas More en Michael Tsolo was aan die voorpunt van die skare. Hulle het heen-en-weer gegaan, en hulle het die persone, na my mening, aangehits om nader te kom en Thomas More het selfs deur die ingang, die hek, gebars en hy het 'n klomp aanhangers by hom gehad. Die Polisie het van hulle teruggedruk en ek het Thomas More daar aan sy arm geneem en hy het gewilliglik saam met my gekom. Ek het Thomas More in een van die kantore in die Polisie-stasie ondervra, aan hom gevra hoekom kan hy nie sy mensse beheer nie; waarop hy aan my gesê het, "We will die for our freedom!" Terwyl ek met Thomas More gepraat het, het ek gehoor daar is 'n skietery buite.

Jy was toe binnekant? --- Ek was toe binnekant, toe hulle geskiet het.

Het jy met Tsolo ook gepraat? --- Ek het nie met Tsolo toe gepraat nie.

Om terug te kom hiërop: Het julle in ag geneem die moontlikheid dat arrestasie die mensse nog meer nag aanvaar? --- Nee. Ek was onder die indruk dat as daardie twee persone daar gearresteer is, dan sou die persone wat daar vooraan gestaan het, gereken het dit mag met hulle ook gebeur; hulle sou stilgebly het, dan. Ek was onder die indruk hierdie twee persone het die skare aangehits, aangevaar.

Was dit met die twee persone, Tsolo en More, wat daar weggeneem was? --- Dit is al wat ek geken het. 'n Derde persoon is glo daar weggeneem, maar ek het nie gesien toe hy weggeneem is nie. Ek ken hom nie.

Ons het hier getuie nie geheer van 'n sekere insident wat by die hek plaasgevind het, waar, ek dink, kol. Spengler, 'n derde arrestasie gemaak het? — Nee, ek weet nie; ek het nie 'n derde arrestasie gesien nie.

Toe jy met More in is, het jy nie weer uitgekom nie? — Nee; ek was bezig om met hom te gesels, tot tyd en wyl die skietery plaasgevind het.

En het jy uitgekom tydens die skietery? — Ja.

Was die skietery nog aan die gang toe jy uitgekom het? — Nee, toe ek by die ingang kom, toe is die skietery verby.

Hoe lank, sou jy sê, het die skietery aangehou? — Ek glo nie die skietery het langer as 20 sekondes aangehou nie.

Jy sê jy het niks daarvan gesien nie? — Nee; ek het niks daarvan gesien nie.

Was die Polisie reeds in gelid opgestel toe jy in is met More? — Nee, ek kan nie sê hulle was in gelid opgestel nie. Ek het nie daaraan opgelet nie. Ek het nersal na die Bantoes buite gekyk, as na die Polisie - probeer van die Africanist Congress komitee-lede daar nithen.

Wat was die stemming van die skare en hulle houding teenoor julle toe julle ingekom het by die hek? — Hulle het 'n verskriklike lawaai opgeskop, en geskree. Hulle houding was definitief vyandig.

Het jy wapens gesien tussen hulle? — Nee; ek het nie wapens gesien nie.

Het julle voertuie heeltemal veilig deurgegaan? — Ja. Ons voertuie het veilig deurgegaan.

— Hoeveel —

Hoeveel voertuie het julle by julle gehad? — Om's
het twee motorkarre en 'n saracoen gehad.

Was jy op die motorkar? — Ek was op die motorkar, ja.

Was daar enige verandering wat ingetree het nadat
julle in die Polisiekamp was? — Nee; dit was — op die
oomblik toe ons binne-in was, was dit nog maar die
lawaaï. Jy het orals gehoer, "Afrika!" "Afrika!" en
dit was 'n geskree. Jy kon nie alles uitmaak wat die
mense skree nie. Party van hulle het heen-en-weer
gehardloop.

Het jy klipgoeiery gesien? — Nee.

Het jy — jy was toe oenskynlik toe ook al binne-in?
— Ja, ek was binne-in gewees.

Hoe het die toestand vir jou gelyk? — Die toestand
was gespanne, vandat ons daar binne gekom het. Dit was
'n gespanne toestand en dit was baie duidelik dat as
daar nie ferm opgetree word van Polisiekant nie, gaan
daar definitief geweld plaasvind van die Bantoes se kant
af. Dit was duidelik dat hulle op daardie stadium,
op daardie oomblik, voor die skietery plaasgevind het,
onnidellik voor die skietery plaasgevind het — dat hulle
enige oomblik oor die heining sou bars of by daardie
hekke sou inbars, en tussen die Polisie sou inneng.

Jy het, sees jy sê, gereken ferm sou moes opgetree
word? — Ek het so gereken.

Watter stappe het jy in gedagte gehad? — Die
enigste stappe sou gewees het om op die skare te skiet.
Dit sou die enigste stappe gewees het.

DIE VOORSITTER: Om wat te bereik? — Om hulle

— terug —

terug te dryf. Hulle het op daardie oomblik vir my gelyk - enige oomblik gaan hulle oor die heining kom, en as daardie massa van 15,000 of 20,000 tussen daardie handjievol Polisie is, eers gemeng het, sou hulle die Polisie vermoor het; want daar is geskree vir hulle, "cato Manori!" Daar is geskree "Afrika!" Hulle kentekens wat hulle gedra het - "Africa for the Africans only!" Wat sou hulle met die blankes gemaak het? My opinie was op daardie oomblik, die blankes sou vermoor word.

VERHOOR HERVAT: Jy neem as hulle oor die draad gekom het, mag dit daardie gevolg gehad het? --- Ja.

Sou jy sê dat van die stemming waarin jy hulle gesien het, dit daardie gevolg kon gehad het, selfs al sou hulle nie met opset oor die draad gekom het nie; sê die draad het gebreek?

DIE VOORSITTER: Met ander woorde, gestel die voorste ry, die voorste twee of drie of vier rye, was maar te gretig gewees om duskant die draad te blypaar omdat die wat agter is al meer na vore beur, hulle nou die voorstes deur die draad druk en dan tussen die Polisie indruk? --- Dit is wat sou gebeur het.

Wat dan? --- Hulle sou ingemeng het met die Polisie en hulle sou handgemeen geraak het met die Polisie. Die skare was opgesweep.

Het u die moontlikheid met hierdie leiers bespreek? Het u vir hulle gesê, "Kyk, daar is gevaar dat dit kan gebeur?" --- Die eerste ding wat ek vir Thomas More gevra het, was "Hoekom kan jy nie jou mense beheer nie?" Hy het my 'n ontwykende antwoord gegee. Die antwoord wat hy vir my gegee het, was "We will all die for our

--- freedom ---

freedom".

Het hy te enige tyd - het u te enige tyd 'n poging gesien aan die kant van die mense wat blykbaar daar binne die terrein was, om die mense terug te druk, om te sê dat hulle terugstaan? ---Nee; dit was nie vir my 'n teken dat hy die mense probeer stilmaak of iets van die aard nie. Die tekens was vir my gewees, hy probeer hulle soveel as moontlik na die draad-toe aanroep.

VERHOOR HERVAT: Die pamflet, ek dink dit is "B4" wat u daar gelees het, wat vir hulle sê om te kom na "'n bepaalde Polisiestasie" op die 21e? ---Ja.

As ek reg het, is die inhoud daarvan tot 'n groot mate onskuldig, is dit nie; daar is niks in die pamflet wat sê geweld word beoog nie? ---Nee, daarenteen. In die pamflet word daarvan gepraat dat daar nie medigheid is vir geweld nie.

Toe jy die toestand daar gesien het en met More gepraat het, wat was jou indruk van die optrede wat jy daar gesien het, en die voerskrifte vir daardie dag soos dit in die pamflet voorkom? --- Dit was die teenoer-gestelde gewees. Die Bantoevroue wat daar was, was nie deur Wêreld verplig om 'n bewysboekie te dra nie. Die kinders wat daar was, het nie bewysboekies nie; en daar was tallo jong kinders, minderjarige kinders, wat nog nie bewysboekies dra nie, wat aan die voerpunte gestaan het - Bantoevrouens en Bantoekinders het aan die voerpunte gestaan, en hulle het so'n lawaai opgeskop dat al sou enigeen hulle ook probeer stilmaak, hy sou nie daarin slaag nie want almal het geskree.

Die Bantoevrouens en kinders wat voor gestaan het, neem jy dit is toevallig, of ...? ---Nee, dit was vir my

--- duidelik ---

duidelik gewees ...

MR. KENTRIDGE: Sir, may I respectfully suggest that before my learned friend asks for this opinion he lays a basis as to how the Witness can come to have an opinion on the subject.

THE CHAIRMAN: Well, I don't know; isn't it the other way round? If you can't provide any basis, then the opinion is worthless.

MR. KENTRIDGE: Yes, that is the point, Sir.

THE CHAIRMAN: Yes, I know. But I think it is perhaps easier if he were to give the opinion and then provide the basis; then I know what he is leading up to.

VERHOOR HERVAT: Wat het jou daardie indruk gegee? — In een van daardie pamflette word dit gesê, "The women will play their historic role" en hulle "historic role" is aan my bekend — en hierdie "Hilili do!" te skree. Dit is 'n slagkreet van hulle. Dit is bekend dat hulle die Bantoesmans dan aankits. Dit is 'n skril-geluid en dit is ook bekend aan my dat met die eerste fase toe die bewysboekies aan Bantevrouens uitgereik is, met die optegte wat hulle gehou het, was die rol wat Bantevrouens gespeel het dat hulle met hulle kinders en met babas op hulle rug, optegte gevorn het.

DIE VOORSITTER: Maar u het gesê, as ek u reg verstaan het, die Bantevrouens en-kinders was voor gestoot? — Ja; dit was gedurende die oggend, al, toe Thaddia Mtoampe en Molefi Monyake — ek het gesien dat hulle die kinders aan hulle arms neem, en die Bantevrouens vorentoe roep.

— Maar —

Maar sê u dit nou in die sin dat hulle die mense wil voor sit, sodat hulle agter kan skuil; dat die mans agter kan skuil, in die sin dat die Polisie sal die vrouens nie skiet nie? Wat lei u tot daardie besluit? --- Dit is moontlik dat dit hulle opinie was; maar om 1.30, ongeveer, voor die skietery plaasgevind het, was dit nie net meer kinders of Bantoevrouens nie. Toe was dit deurmekaar. Almal het by die draad probeer kom. Almal het aangestoot na die draad-toe.

MNR. CLAASSEN: GEEN VERDERE VRAE NIE.

MR. KENTRIDGE: Sir, there is this question of the bandolier. The bandolier was brought by Mr. Lorn and the rounds counted. We agree that there are 46 cartridges in the bandolier.

MNR. CLAASSEN: Ek aanvaar dit, ja.

THE CHAIRMAN: I take ^{it} it/is also accepted as a fact that this bandolier was obtained from the

SERS. LEWIS: Dit is uit die bliktrammel gehaal in die kamer van die konstabel, waar ook die ander konstabels se bandoliers, en hierdie konstabel en die ander konstabels se bajonette was.

MR. KENTRIDGE: We understand from Mr. Lorn that this is the bandolier claimed by Const. Penneman to be his.

THE CHAIRMAN: Well, these facts can be recorded and if necessary, the Witnesses can be recalled.

- ADJOURNED: 4.00 p.m. -
to 26th April, 1960 at
2.45 a.m.